HOËRSKOOL WATERKLOOF

# KLOFIEKAN

www.klofies.co.za | klofies@klofies.co.za
UITGAWE 3 | 2023

Wenners van Beste nuusfoto en Beste spotprent in Nasionale Netwerk24-skoolkoerantkompetisie 2022

# Die beste skoolorkes in Suid-Afrika

Nandi Gous



- Fotograaf: Tanica Stroebel -

Alhoewel die Waterkloof-orkes einde verlede jaar 20 matriekleerders moes groet, en weer met 20 graad 8-leerders begin het, is die 46-stuk-simfonieorkes onlangs as wenners in hulle kategorie by die Symphonia Nasionale Skoleorkesfees en -kompetisie in George aangewys. Hulle is ook as die algehele naaswenners ná die Noord-Kaap Jeugsimfonieorkes aangewys.

Sewentien ensembles en orkeste van regoor die land het van 6 - 9 Oktober aan dié musiekfees deelgeneem.

"Vanaf die eerste note van ons *Memorable Disney Themes* het ek hoendervleis gekry, en net gewéét dit sal goed gaan," vertel 'n entoesiastiese Abby Moolman, eerste violis, konsertmeester en hoofleier van die Klofies se konsertorkes. "Ons het geweet hoe sterk ons kompetisie is, en by die prysuitdeling het ek van stres gebewe. Ons was so dankbaar en trots toe ons naam bo die van ander spogskole uitgeroep is."

Die Klofie-orkes het ook vroeër vanjaar 'n dubbelgoud by die Pretoria Eisteddfod behaal, 'n wonderlike prestasie as in ag geneem word hoeveel nuwe lede in die orkes is.

Abby skryf hulle sukses toe aan hulle dirigent, die bekwame musiekregisseur, mnr. Eddie Clayton, wat al die musiek verwerk en skryf vir die Klofies se spesifieke samestelling van instrumente, byvoorbeeld die spesiale verwerkings vir die saksofoon. Die Klofies is juis ook die enigste orkes wat met drie hobo's in sy arsenaal van ongeveer 15 verskillende instrumente spog. Orkes-entoesiaste sal die hobo se unieke klank in liedere soos *Across the Stars* uit *Star Wars* herken.

**"Ons was so dankbaar en trots toe ons naam bo die van ander spogskole uitgeroep is"**

Mnr. Eddie skryf op sy beurt weer hulle sukses toe aan die leerders wat so hard oefen. "Ons oefen twee maal per week, twee uur op 'n slag, en soms ook Saterdae," sê hy. Hy het groot waardering vir die leerders se passie vir musiek. Hulle is daar omdat hulle daar wíl wees. Hulle is nie professionele musikante wat betaal word nie."

Die orkeslede se liefde vir musiek word juis ge-eggo wanneer Abby die orkes met *"a breath of fresh air"* vergelyk – 'n onverwagse en welkome opmerking oor 'n kunsvorm wat dikwels met bloedsweet en trane geassosieer word. "In 'n moeilike week van skoolwerk en toetse, is daar niks lekkerder as om jou instrument vir twee uur op te neem en van alles te vergeet nie."

Orkes-entoesiaste kan na hulle luister by geleenthede soos onder meer die opedag, die matrieks se boogloop, Tres Scholarum, die kultuuraand en die jaarlikse gala-aand wat vanjaar in tradisieryke atmosfeer by die Voortrekkermonument plaasgevind het.



Hoofleiers - bl.4
- Fotograaf: Dané Naudé -



Skool werkers - bl.7
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -



Colour run - bl.13
- Fotograaf: Jack Brevis -



Ruiterkuns - bl.20
- Foto: verskaf-

# Redakteursbrief

Die hele Suid-Afrika word stil! Handrè Pollard staan voor die pale om die vierde strafskop teen die All Blacks waar te neem en gelukkig het Pollard ons nog nooit in die steek gelaat nie.

Daar het 78 minute van die wedstryd verloop en die manne in swart breek keer op keer deur die groen wal. Die groen is egter telkemale sterker as die swart aanslag. Die fluitjie blaas!

En die Drakensberge bewe terwyl 60 miljoen Suid-Afrikaanse stemme oor die vlaktes rol. Almal toegevou onder die kombers van ons kleurvolle nasie – verenig, as een stem. In daardie kosbare 80 minute van die geskiedenis sien ons Suid-Afrika en alles wat die land kan wees.

In hierdie land waar so baie stukkend is, waar ons net kan lag, want huil is nie 'n opsie nie, is hoop nie altyd maklik te vinde nie.

Soos die lewe in ons land, moes die Bokke week na week in bloed en sweet vir 'n droom veg deur te leer en aan te pas; deur elke liewe laaste stuk energie in hulle sisteem na die doellyn te gooi; deur nooit te vergeet wie hulle is en hoekom hulle hier is nie.

En dit is hoe ons, Kloof, teen ons eie uitdagings kan opstaan: vir ons drome, vir ons toekoms, ons skool en ons land.

Lewe vir iets groter as jyself. Jy het elke dag die geleentheid. Jy het net die moed nodig.

Laat ons as een nasie en een stem na die hemele reik en die lied van die kinders van Afrika sing.

Hulle weet nie wat ons weet nie…




# WENNER!



*Baie geluk aan Nikah Myburgh in gr. 10 wat die gelukkige wenner van die kontantprys vir die woordspeletjie in die uitgawe 2/2023 is. Indien jy R500 kontant wil wen, blaai na bladsy 14 vir die volgende uitdaging!*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*



*Redaksie 2023*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Laat jou stem tel

## *Selfoonboksies: foontronk*

Lyné Steyn en Lize Erasmus

**Toe die leerders aan die begin van die derde kwartaal by die klasse instap, spog daar op elke onderwyser se tafel 'n koddige, bruin boksie - die nuutste "tegnologiese" uitvindsel: die selfoonboksie. Is dit 'n lewensredder, 'n kinderoppasser of 'n dreigement?**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Ek dink dit is onregverdig, want elke keer as jy die selfoon moet gebruik, moet jy opstaan om dit te gaan haal, wat baie tyd mors. Ek dink die juffrouens moet eerder kyk of die selfoon af is. In van my klasse moet ons Microsoft Teams gebruik en die reël vir jou foon in daardie klas is: dit moet af wees.*

**Philip Vos (graad 8)**

- *Ek voel dit is onnodig. Dit voel meer soos 'n dreigement of straf wanneer jy op jou foon is, maar die meeste van my onderwysers gebruik dit nie eers nie. Kinders sal nie self hulle fone daarin sit nie. Dit sal meer effektief wees as die juffrou net die foon inneem.*

**Anja Coetzee (graad 12)**

- *Dit is tydens die eksamen nogal sinvol, maar verder gebruik ek dit nie baie nie aangesien ek die siele wat moet fokus, maar op hulle fone is, vra om die fone langs my deur op die tafeltjie met die standbeeld te sit.*

**Juf. Mariëtta van Rooyen**

- *Ek dink die selfoonboksies is 'n wonderlike ding! Toe dit vir ons aangebied is, het ek sommer dadelik my hand vir een opgesteek. Dit help my, want dit is minder moeite om net die foon te vat en in die boksie te plaas as om dit in 'n koevert te plaas en kantoor toe te neem. Ek gebruik dit meer vir die juniors, want hulle speel gewoonlik net speletjies op hulle fone, maar met die seniors gebruik ek dit nie veel nie. Hulle is gewoonlik besig om vraestelle uit te werk of na hul rooster te kyk. Net hier en daar is daar 'n enkele uitsondering.*

**Juf. Marinda Behr**

- *Die selfoonboksies is baie dom. Ek sal dit eerder verkies dat die juffrou sê dit moet in ons tasse weggebêre word en dat dit glad nie gebruik mag word nie. Nou word dit in die boksie gebêre en die juffrou moet 'n ogie oor 30 kinders se fone hou. Die kans bestaan ook dat iemand moontlik die verkeerde foon kan vat.*

**Callie Enslin (graad 10)**

- *Ek dink die selfoonboksie is sinneloos. As almal se fone daarin is, is daar niks wat iemand stop om iemand anders se foon te vat nie, en wat stop 'n mens om 'n ou een, wat nie meer werk nie, in te sit? Die meeste van my onderwysers gebruik dit nie. Dit is 'n mors van geld. Ek dink nie daar is 'n enkele rede vir kinders om hulle fone daarin te sit nie. Ons is al oud genoeg dat dit nie nodig is om 'n foon in 'n kassie te bêre nie. Die personeel kan ons vertrou om selfbeheersing ten opsigte van ons fone te hê.*

**Mignonette Steenkamp (graad 11)**

## REDAKSIE

**Graad 12**
Juan de Wet
Arnold Dippenaar
Handro Myburg
Vivienne Pio
Lyné Steyn (Adjunkredakteur)
Anica Ueckermann
Lillian van Staden

**Graad 11**
Mia Appelcryn
Lize Erasmus (Adjunkredakteur)
Laureanne Geertsema
Nandi Gous (Redakteur)
Casey Robertson
Michaela Smith
Jani Strydom
Kayla Strydom
Suné van der Merwe
Mia van der Walt

**Graad 10**
Marni Botha
Je-Miné de la Rey
Nicolas du Plooy
Anja Maranta
Miné Naudé
Krige Steyn
Dieter Stehle
Claudia van Wyk

**Graad 9**
Kayla Borstlap

**Onderwysers**
Retha Hofmeyr
Leandré Eksteen
Janneke Vahrmeijer
Gareth Harris
Maryke Fourie
Annuska Pretorius

**Uitleg**
Marlette Krüger






Hoërskool Waterkloof

## Ons groet:

# Me. Minnie Thom laat diep spore agter

Je-Miné de la Rey

In die 45 jaar van Hoërskool Waterkloof se bestaan, is daar 'n ware legende wat 40 jaar lank diep spore in Waterkloof se gange getrap het. 40 jaar van unieke, uitmuntende hoogtes soos net 'n vrou van haar kaliber kon bereik. Nie net was juf. Minnie Thom die eerste vrou op die Beheerliggaam nie, maar die nuwe innovasiesentrum, wat na haar vernoem is, sal so lank as wat Waterkloof voortbestaan, haar naam hoog hou. Waterkloof sal juf. Minnie Thom werklik baie mis, maar ons kyk graag saam met haar op 'n suksesvolle loopbaan terug …

"My onderwysloopbaan by Waterkloof is met oorgawe geseën deurdat ek telkens bevordering gekry het." Juf. Thom het menige posisie beklee: onderwyseres, mede-departementshoof, departementshoof, visie-hoof, interne adjunkhoof, een van die twee staatspos-adjunkhoofde en sy was al twee keer waarnemende hoof! As Wiskunde-onderwyseres het juf. Thom dit nie net reggekry om kleingroeponderrig op die been te bring nie, maar ook om die winterskool te begin. Dit is duidelik dat juf. Thom se hart nog altyd by die kinders en akademie gelê het, maar ook by ons skoolleuse: "Bou in geloof". "Ek sal nooit die bou van die kapel vergeet nie. Ek en my mede-graadhoof, Pieter Swartz, het die kolekamer in 'n kapel omskep. Dit was die matriekgroep van 2002 se afskeidsgeskenk aan die skool. Dit was 'n hoogtepunt vir my en sal my altyd bybly."

> **"'n Skool is nie die gebou, die stene en die sement nie, maar die mense by die skool."**

Tydens juf. Thom se periode as hoof van akademie het sy glad nie gras onder haar voete laat groei nie en met die kinders se beste belange op haar hart, sekergemaak dat sy nie net goeie herinneringe nie, maar blywende, tasbare verbeterings agterlaat. Sy het universiteitsgereedheidsprogramme, toppresteerderswegbreke, die top-30-ontbyt, die Robotika-klas en 'n aanlyn biblioteek by die innovasiesentrum begin.

Na soveel diensbare jare is dit tyd vir hierdie ystervrou om te groet en sy laat Kloof met die volgende gedagte: "'n Skool is nie die gebou, die stene en die sement nie, maar die mense by die skool. Julle het die lewe die moeite werd gemaak. Julle sukses het my gelukkig gemaak. Julle het my energie gegee en altyd waardeer laat voel. Soms is dit moeilik om totsiens te sê as jy weet jy gaan iets of iemand nooit weer sien nie. Maar my hart loop oor, want Waterkloof was mý skool en daarom groet ek 'n bietjie makliker met die mooiste herinneringe in my hart."

Juffrou die "groet" kom definitief moeiliker vir die Klofies… Kloof sal nie dieselfde sonder Juffrou wees nie, maar ons bou in geloof op 'n legende se nalatenskap voort.


*Juf. Minnie Thom*
- Miracles Photography -

# Het jy gehoor?

Nandi Gous

As jy jou ore spits, sal jy verbaas wees oor wat jy alles in Kloof se klasse en gange hoor.

- Meisie: "Ek is 'n 'independent women'" Seun: "En ek is 'n 'material girl' "
- Ou: "Jy het 2 breinselle en albei baklei vir derde plek."
- Kind 1: "Jy's swak" Kind 2: "Het jy my nounet 'n slak genoem?!"
- Kind: "staaaaak" Juffrou: "Ek het gr 9's na pouse; ek sal saam staak."
- "Hoe verstik jy nie aan al die nonsens wat jy praat nie?"
- "My neus is so sensitief, hy bloei as iemand skeef vir my kyk."
- "My sakrekenaar is my sielsgenoot."
- Mnr Fanus: "Ek het nie tissues in die klas nie, want ek gebruik dit as ek merk."
- (By die noodplan oefening) "Ek's banger vir die *chappies* onder die tafels as vir die *fake shooter*."
- "As jy geskiedenis in my klas leer, gaan jy geskiedenis wees."
- "Hierdie is nie hoërskool Helpmekaar nie. As jy sukkel, vra vir my!" -juffrou Vicki
- "Ek is 'n *permanent marker sniffero*."
- Kind 1: "Hey, daar's 'n kind." Kind 2: "Dis amper asof hierdie 'n skool is."
- "Julle is graad elf, nie graad 'dubbel een' nie."
- "Rugbyspeler by day, ballerina by night" Mnr Harris: "Klink soos my studente jare."

## SPOTPRENT

Kunstenaar: Suné van der Merwe




WANNEER DIT KOM BY JOU PAKKIE, KRY ONS ALTYD VOL PUNTE.

HATFIELD KIOSK
012 362 0666 | hatfield@thecourierguy.co.za

MONTANA KIOSK
066 534 4149 | montana@thecourierguy.co.za

SILVERTON KIOSK
066 123 0533 | silverton@thecourierguy.co.za

EQUESTRIA KIOSK
012 809 6900 | equestria@thecourierguy.co.za

Toonbank na toonbank vanaf R65!

THE COURIER GUY Kiosk pudo

# Koshuishoofleiers 2024:
## Elreese Slabbert en Wesley Badenhorst

**Casey Robertson**

Huis Kloofsig spog met splinternuwe hoofleiers vir 2024 en het reeds die koppe laat draai toe hulle kort nadat die leisels oorgeneem moes word, skoonskip tydens vanjaar se kaskarresies gemaak het. Hierdie triomfantlike oorwinning het die fondament gelê vir alles wat hulle nog in die toekoms gaan bereik. Dit is duidelik dat Huis Kloofsig meer as net 'n koshuis is, eerder 'n groot gesin met 'n baie hegte band.

**Waar woon jy?**

**Elreese:** Ek kom van Springs in Johannesburg, maar ek wens ek was van die Kaap.
**Wesley:** Witbank.

**Het jy enige geheime talente?**

**Elreese:** Ek kan mense met my tone knyp.

**Wesley:** Ek kan 'n sokkerbal vir langer as tien minute op my vinger draai en ek kan kitaar speel.

**Wat is jou gunstelingpeuselhappie?**

**Elreese:** Lindt-karamelsjokolade.

**Wesley:** Steven se two minute noodles.

**Hoe bring jy jou vrye tyd deur?**

**Elreese:** Ek irriteer vir Fralize, ons hoofleier van 2023.

**Wesley:** Ek maak koffie en lees boeke van Koos Kombuis, maar al wat ek gedurende naweke doen, is braai en slaap.

**Wat beplan julle vir 2024 se Wolkies? (die graad 8's)**

**Elreese:** Ek hoop hulle kan karre was…

**Wesley:** Hulle moet gereed maak om gereeld hulle skoene skoon te maak. Ek wil ook hê dat die seuns die vroulike geslag moet respekteer. Hulle moet beslis ook hulle tyd in die koshuis geniet.

**Die koshuis spog ook met nuwe onderhoofleiers:**

Wesley Badenhorst (Hoofseun)
Elreese Slabbert (Hoofdogter)
Ediaan Kriel
Ettienne van Wjik
Shiáne Fouché
Heinrich Wasserfal
Carry-Lee Knoetze

Met so 'n bekwame span leiers sal Huis Kloofsig in 2024 van krag tot krag gaan.



*Wesley Badenhorst en Elreese Slabbert*
*- Foto: Miracles Photography -*

# Nuwe hoofleiers van 2024: passie bo perfeksie

**Jani Strydom en Je-miné de la Rey**

Nog 'n jaar is in 'n oogwink verby en daar staan 'n nuwe leierspan aan die stuur van die Klofie-skip. Die Klofiekan het met Ben Delport en Anje van Aardt, gaan gesels om te hoor hoe hulle die Klofies tot hoër hoogtes gaan lei.

**Julle tema vir 2024 is: Passie bo perfeksie. Hoekom het julle daarop besluit?**

**Anje:** Al die leiers van 2024 het saamgestem dat dít die leuse vir 2024 moet wees. Almal het gevoel ons wil uitstaan as die matriekgroep wat raak aan dinge wat saakmaak.

**Ben:** Ek wil die passie vir ons skool se leuse terugbring: "Bou in geloof" en sodoende ons passie vir die Here, passie vir ons skool en passie vir mekaar.

**Wat dink jy is die belangrikste eienskap van 'n goeie leier, wat jy wil uitleef?**

**Anje:** Om nie die geleentheid te gebruik om myself as leier te verhoog nie, maar om 'n spreekbuis tussen die onderwysers en die leerders te wees.
**Ben:** 'n Leier moet eerlik wees en kan onderskei tussen wit en swart. Jy moet oop kan wees met die mense naby jou en nie bang wees om te sê wat reg en verkeerd is nie.

**Wat is julle lewensleuses?**

**Anje:** Moenie jouself minder maak om ander rondom jou meer geliefd te laat voel nie, maar probeer om die mense rondom jou waardig te laat voel deur hulle met respek en liefde te hanteer.

**Ben:** Geloof is vir my die middelpunt van alles en ek wil in alles wat ek doen 'n goeie leier wees.

**Watter ou tradisies is daar wat julle graag sal wil afstof?**

**Anje:** Ek wil vir KVL 'n nuwe-ou baadjie aantrek. Carla Smit (hoofdogter van 2018) het 'n oorspronklike KVL-liedjie geskryf en ek wil die samesyn onder ons dogters teruglei na waar die fondamente is. "Op 'n pawiljoen bou 'n Klofie aan sy droom. Jy sal nooit verstaan wat dit vir my bedoel om die blou in my bloed te voel!"

**Ben:** Ek wil die ou, trotse Klofie-gees terugbring en 'n gevoel van gemeenskap onder die Klofie-manne vestig. Lekker dinge soos swem, braai en om by sportbyeenkomste in massas op te ruk, is belangrik. Die beginpunt daarvan is hande vat in geloof.

**Watter raad het julle vir die Druppels van 2024?**

**Anje:** Staan vir 'n oomblik stil en sien mekaar WERKLIK raak. Leer so veel moontlik nuwe mense ken en verbreed jou horisonne. Wees jouself en leef jou storie!

**Ben:** Geniet elke oomblik en moet op niks uitmis nie, want die hoërskool is in 'n oogwink verby.

**Hoe vul julle mekaar as hoofleierspan aan?**

**Anje:** Slegs ek en Ben verstaan waardeur ons gaan en daarom is ons altyd daar vir mekaar. Ons help mekaar in altyd waar ons kan. Ons deel dieselfde passie vir ons skool. Ek is ook meer emosioneel terwyl Ben taakgedrewe is. Ek dink ons komplimenteer mekaar goed.

**Ben:** Ek dink ons maak 'n *dream team*. Ek is die kwaai een wat soms vir Anje moet aanmoedig om bietjie kwaaier te wees, terwyl sy my gewoonlik kalmeer en sê dit is nou tyd om, om te gee en nie net te raas nie.

Hoërskool Waterkloof sien uit na die jaar wat saam met Ben en Anje, as hoofleiers, voorlê. Dit is duidelik dat passie en omgee in hulle harte brand en dat 2024 nog 'n onvergeetlike jaar gaan wees!



**Hoofleiers-video**

*Anje van Aardt en Ben Delport*
*- Fotograaf: Marlette Krüger -*

## *HIER KOM DIE BOKKE playlist*

**Claudia van Wyk**

Met die wêreldbeker aan die gebeur is hierdie die perfekte *playlist* om julle in die rugbygees te kry voor, tydens en na elke wedstryd.

### *ONNIE-PERSOONLIKHEID*
# Juf. Kearns: die sonskyn juffrou

**Lillian van Staden**

Nie almal weet van die sonskynjuffrou wat in die skuur klasgee nie, maar dié wat haar wel ken, sal vir jou kan sê dat juf. Kearns een van die liefste, interessantste en snaaksste juffrouens by Kloof is. Haar glasie is altyd halfvol eerder as halfleeg en sy los 'n mens altyd met 'n glimlag op jou gesig.

**Het Juffrou al ooit gelugduik (*bungee-jump*) of iets soortgelyk gedoen?**

Ja, ek het al 'n *bungee-swing* gedoen en die adrenalien was na die tyd so erg dat ek sommer *flame-throwing* ook gaan doen het. Ek het ook in Hawaii op die koraalriwwe gaan skubaduik en ek was die enigste een in die groep wat nog nooit geduik het nie.

**As Juffrou met enige mens kan sit en gesels, wie sal Juffrou kies?**

Ek is redelik tevrede, maar dalk met een van my oorlede vriende, my ouers of iemand waarmee ek deesdae nie meer kan praat nie. Die ander mense is almal *overrated.*

**Wat is Juffrou se gunstelingaanhaling?**

*"I choose to believe the best in people, it saves a lot of time and energy,"* het Desmond Tutu gesê en ek probeer dit uitleef.

**As Juffrou nie 'n onderwyser was nie, wat sou Juffrou wou wees?**

'n Spioen of 'n joernalis op die oorlogsvelde vir al die avontuur. Ek wou my hele lewe lank net 'n avontuur gehad het.

**Hoekom voel Juffrou dat Drama 'n belangrike vak is?**

Dit leer 'n mens empatie en mensekennis. In die Dramaklasse aanvaar die kinders mekaar. Dit is goed vir 'n mens se emosionele intelligensie wat jy in elke aspek van jou lewe benodig.

**Watter tipe karakter sal Juffrou graag in 'n film wil wees?**

Ek is absoluut die skurk in 'n rillerfilm! Dit is die lekkerste karakter om te speel.

**Wat is die beste fliek wat Juffrou al gesien het?**

*Cinema Paradiso.* Dit is so mooi en daar is maar net 'n ding aan buitelandse films met onderskrifte (dit is 'n Italiaanse fliek). Die storie is ongelooflik! Dit handel oor 'n regisseur wat sy tuisdorp besoek vir die begrafnis van die man wat die films op die dorp vertoon het en hy herleef dan sy kinderdae.

**Juffrou het al baie oorsee gereis. Het Juffrou enige interessante storie?**

Ek het in Auschwitz in- en uitgebreek, want dit was gesluit en ek wou gaan kyk. Ek en my vriendin is toe sommer deur die draad.

**Waarheen sal Juffrou nog wil reis?**

Suid-Amerika: Peru en Chili. Dit is my droom. Ek wil na die Inkas en die Mayans se tempel gaan kyk en na 'n onderwaterstad wat jy kan sien, as jy gaan snorkel.

**Wat het Juffrou verlede jaar uit Juffrou se beroerte geleer?**

Die eerste ding waaroor ek dankbaar gevoel het, was dat ek nie in die Oekraïene was nie. Ek het geleer om dankbaar te wees vir dit wat ek kan doen. Ek waardeer dinge nou meer as vantevore. Elke keer wanneer ek iets kan doen, waardeer ek dit.

Juf. Kearns is beslis iemand waarby jy 'n ding of twee kan leer.



*Juf. Retha Kearns*
*- Foto: Miracles Photography -*

# Graad 9-veldskool

**Kayla Borstlap**

Van *colour run*-poeiervlekke wat na twee dae steeds nie skoongeskrop kom nie, 'n elektriese gees wat in die skool heers met Smulfees op almal se lippe, en die graad 9's wat só toegegooi is onder take dat hulle nie weet of hulle sink of swem nie, was kwartaal drie besig en opwindend. Die veldskool by *Warthog Inn* was egter die hoogtepunt op die graad 9-kalender, 'n ontvlugting uit die besige roetine waar nuwe vriendskappe en goeie herinneringe gesmee is.

Op 17 September het 400 ywerige graad-9's reeds vroegoggend by die busse aangetree, kussing onder die arm, wange wit van sonskerm gesmeer en met tasse propvol versnaperinge. Slaggereed om die veld en al sy uitdagings te trotseer.

Tussen die bloed en sweet van laataand lanternbekruip, modderbesmeerde lywe, hindernisbane, boog- en windbuksskiet, boeresport, spoorsny, koue storte en kaskar ry, was elke skraapplek 'n goeie herinnering. Gelukkig was juf. Tanri en haar noodhulptassie slaggereed om almal weer vinnig gesond te dokter. Die meisies was (on)gelukkig nie so bevoorreg om hulle satynkussings vir 'n harde klipkussing onder die sterre te verruil nie. Van geesvang, swem en sonbrand was daar in oorvloed… en vir twee dae kon die graad 9's voel hoe dit voel om die skoene van 'n stadsjapie vir die Bosveld-vellies van 'n plaasjapie te verruil!

Oom Marius, oom Blackie en hulle bekwame span fasiliteerders het vinnig daarvan werk gemaak en daarin geslaag om, volgens hom "hierdie Menlyn-brakkies 'n ding of twee te leer!"

*Warthogg Inn* - jy was goed vir ons!

*- Fotograaf: Jean-Mari Redelinghuys -*











# Cute Couple

**Vivienne Pio**

Arnold en Isabel se liefdesverhaal strek van die gr. 10-bal af. Hulle het in gr. 8 in die Robotikaklas ontmoet. Na 'n lang ruk wat hulle in die geheim van mekaar gehou het sonder om te weet dat die ander een dieselfde voel, het hulle uiteindelik by mekaar uitgekom en staan die verhouding nou 17 maande sterk.

**Waar was julle eerste afspraak?**
**Isabel:** Ons het James Bond *No Time To Die* gaan kyk. My pa moes my voor die tyd inlig oor wat in die vorige flieks gebeur het, want ek het dit nie gekyk nie.

**Wat was julle lekkerste *date*?**
**Isabel:** Toe ons uitgegaan het vir ons eenjaarherdenking. Ons was Wok 'n Roll toe en wou daarna na die karnaval gaan, maar toe het ons so baie gesels dat die karnaval al toe was!
**Arnold:** Toe ek haar matriekafskeid toe gevra het. Ons het die hele dag saam deurgebring, want ons het *job shadowing* by aktuarisse gaan doen. Later het ek haar geblinddoek en na 'n piekniekplekkie gevat. Daar was blomme, versnaperinge en sjampanje.

**Vertel iets snaaks oor julle verhouding.**
**Arnold:** Dieselfde dag wat ek haar matriekafskeid toe gevra het, het ek vir Suzaan (Isabel se sussie) as fotograaf gereël, maar sy het so baie foto's van haar en haar kêrel geneem, dat die kamera pap was teen die tyd wat sy by ons aangekom het.

**Wat is julle planne vir volgende jaar?**
**Arnold:** Ons albei het keuring vir Aktuarieel by Tuks en Stellies, maar moet nog tussen die twee universiteite besluit.

**Wie is julle gunstelingderdewiel?**
**Isabel:** Seker Jeandré du Preez, ons noem hom gereeld so!

**Wat het jou laat besef dat jy van hom/haar hou?**
**Arnold:** Ek was een keer baie kwaai met haar oor iets, ek kan nie eers onthou waaroor nie, maar ek het daarna baie sleg gevoel. Toe ek daaroor dink, het ek besef hoekom ek so sleg voel.
**Isabel:** Ek het besef dat ek hom mis wanneer hy nie daar is nie. Sy vriende het heeltyd Covid onder lede gehad, so hy moes isoleer en ek het hom in die klas gemis.

**Hoe laat 'n mens 'n hoërskoolverhouding werk?**
**Arnold:** Moenie dit te ernstig opneem nie. Moenie dit 'n grootmensverhouding probeer maak nie.
**Isabel:** Doen lekker dinge saam en maak tyd vir mekaar. Ons doen selfs huiswerk saam of leer saam.

**Wat is die irriterendste ding wat hy/sy doen?**
**Arnold:** Daar is klein, simpel goedjies wat sy nie vir my wil sê nie, byvoorbeeld dat sy 'n YouTube-profiel gehad het en dan wil sy nie vir my sê wat die naam daarvan was nie.
**Isabel:** Wanneer hy maak asof hy my nie hoor nie, dan antwoord hy my na vyf minute.

**Wie dra die broek in die verhouding?**
**Arnold:** Ek dink nie een van ons doen regtig nie, dit hang af wie in 'n slegte bui is.

**Wat is iets van hom/haar waarvoor jy nooit moeg sal raak nie?**
**Arnold:** Haar lag. Sy het verskillendes. Ek kan agterkom hoe goed my grappie was, gebaseer op hoe sy gelag het.
**Isabel:** Sy grappies en hoe oulik hy is.



*Arnold en Isabelle*
*- Foto verskaf -*

## KLOFIE-PERSOONLIKHEID

# Dale Arlow

**Handro Myburg**

Hy is die kaptein van die eerste span. Hy is onderhoofseun van sport. Hy is die voormalige Druppel-hoofadmiraal. Hy is Dale Arlow. Die Klofies juig wanneer hy op die veld draf en die Druppels duik wanneer hy verby hulle stap. Daar kruip egter agter sy groot spiere en groter glimlag baie weg wat die Klofies nie weet nie.

**Beskryf jou vyf jaar by Hoërskool Waterkloof.**
Die vyf jaar was soos 'n boks sjokolade. Ek het nooit geweet wat ek gaan kry nie. Ek dink ek is so 'n bietjie soos Forrest Gump.

**Jy en jou meisie, Carla, se verhouding het al baie oorleef. Wat is die beste stukkie raad vir 'n gesonde verhouding?**
Dit is baie eenvoudig: jou meisie is altyd reg.

**Wat is jou mooiste herinnering as die 2023 Druppel-hoofadmiraal?**
Dit was baie lekker om so baie klas te mis. Die hele ervaring was baie opwindend. Dit was natuurlik 'n hoogtepunt om te sien hoe "lief" die Druppels vir my was.

**Wat is jou planne vir die volgende vyf jaar?**
Eet, slaap, rugby, Carla rondry, die universiteit oorleef, herhaal.

**Jy bring baie tyd op die rugbyveld deur. Wat is die merkwaardigste ding wat al ooit met jou gebeur het?**
Ons het teen Oakdale gespeel. Ons het nie die voordeel van 'n tuisskare gehad nie, maar het hulle egter steeds met 'n telling van 8-5 gewen. Ek is as man van die wedstryd, voor die paviljoen propvol Oakdale-ondersteuners, aangewys. Daardie aand het ek soos 'n koning geslaap.

**Watter wanindruk het mense van jou?**
My bril gee mense die indruk dat ek slim is.



*Dale Arlow*
*- Fotograaf: Marlette Krüger -*

**Het jy 'n liedjie wat jy graag voor wedstryde luister?**
Ja, Olivia Rodrigo se Good for you.

**As jy vir jou graad 8-self enige raad kan gee, wat sal dit wees?**
Moet nooit vir LO leer nie. Bou goeie verhoudings met die onnies sodat hulle nie te streng merk nie.

**Wat is jou voorspelling vir die Rugbywêreldbeker?**
*All Blacks for the win !!!!!*
*(Redaksie: "Haai siestog")*

# Captain's Corner

Lize Erasmus en Lillian van Staden

Met Klofie-trots en hope passie, hou Lillian van Staden, Abigail Badenhorst, Nandi Gous, Abby Moolman, Francois van Wyk en Minke van der Mescht, die hoofleiers van verskeie kultuuraktiwiteite, Hoërskool Waterkloof se naam hoog.

**Wat was jou droom vir jou kultuuraktiwiteit?**

**Lillian (A Capella):** My droom was dat ons regtig ons passie en selfvertroue in die musiek sal vind en energie met mekaar, op en van die verhoog af, sal deel.

**Abigail (A Capella):** My droom was dat almal vertroue in hulself en in mekaar sal hê, en dat ons mekaar sal ondersteun en saam sal groei.

**Nandi (Klofiekan):** Dat meer leerders die Klofiekan lees. Ek wil leerders inspireer om te lees en hoop dat ons deur die Klofiekan ook hulle kritiese denkwyse verbeter.

**Abby (Orkes):** My droom was dat ons weer hierdie jaar as die nasionale wenners in George aangewys sal word en nou kan ons daarmee spog dat ons nasionale wenners van die hoërskoleafdeling is. My ander droom is dat almal deel van ons orkesfamilie sal voel.

**Francois (Koor):** Ek het gehoop om hierdie jaar meer seuns by die koor te betrek en dat die koor 'n positiewe invloed op ander mense se lewens sal hê.

**Minke (Koor):** Dat almal 'n liefde vir die musiek sal ervaar. My droom is dat ons 'n lekker en veilige omgewing skep waar kinders hulself kan wees en hulle passie kan uitleef sonder om geoordeel te word. Die koor is 'n plek met wonderlike mense waar nuwe vriendskappe en verhoudings gebou word.

**Wat is die lekkerste van jou kultuuraktiwiteit?**

**Lillian (A Capella):** Voces Noctis is 'n groepie liefdevolle mense en ons kan die goeie en slegte met mekaar deel. Ons is baie sosiaal met ons eie idees en passies, maar ons ondersteun mekaar altyd.

**Abigail (A Capella):** Die "agter die skerms"-gedeelte. Dit is lekker om op te tree, maar ek geniet ons oefeninge soveel meer.

**Nandi (Klofiekan):** Om met woorde 'n prentjie te skets en dat jy die mens agter die berig kan leer ken.

**Abby (Orkes):** Ons is 'n familie. Vir die afgelope ses jaar was die orkes vir my 'n veilige hawe. Ons geniet mekaar se geselskap en die orkeskamp is 'n heerlike voorsmakie van wat gedurende die jaar op ons wag.

**Francois (Koor):** Die vriendskappe en gedeelde passie. Die koor bestaan uit mense met 'n passie vir musiek. Ons bring tydens oefeninge en optredes baie tyd saam deur en ons kan nie anders as om kosbare vriendskappe te bou nie.

**Minke (Koor):** Die lekkerste is om die verhoog met my vriende te deel en saam ons passie vir sang te kan uitleef. Ek geniet dit om mense van ander kore te ontmoet en vriendskappe te bou wat ek nooit andersins sou kon doen nie.

**Wat is die grootste uitdaging van jou kultuuraktiwiteit?**

**Lillian (A Capella):** Dit is 'n uitdaging om almal met dieselfde hoeveelheid energie te laat deelneem, omdat a capella 'n aktiwiteit is waar ons musiek maak sonder enige instrumente. Dit vereis baie selfvertroue. Dit is belangrik dat die groep besef dat hulle die musiek self moet geniet, anders sal die gehoor dit ook nie geniet nie.

**Abigail (A Capella):** Omdat ons so 'n klein groepie is, is dit soms moeilik om in ons oefeninge te vorder as almal nie die oefeninge bywoon nie.

**Nandi (Klofiekan):** Dit is 'n uitdaging om op 'n kreatiewe manier kinders se aandag te trek om te lees. Ons kompeteer met baie ander media.

**Abby (Orkes):** Die hoeveelheid tyd en moeite wat dit verg. Tussen orkesoefeninge, musiekklesse, oefeninge aan solowerk, skoolwerk en jou sosiale lewe, is dit baie moeilik om op datum te bly. Effektiewe tydsbestuur is noodsaaklik.

**Francois (Koor):** Om 'n reguit gesig te hou en nie uit te bars van die lag as mnr. Gert vir ons, tydens optredes, gesigte op die verhoog trek nie.

**Minke (Koor):** Definitief om 'n lekker atmosfeer gedurende optredes en oefeninge te skep. Dit is moeilik met oefeninge waar ons nuwe, moeilike musiek moet aanleer.

**Wat is 'n interessante feit van jou waarvan niemand anders weet nie?**

**Lillian (A Capella):** Ek is baie lief vir lees. My gunstelingboek is Animal Farm deur George Orwell, en ek sal dit vir enige iemand aanbeveel.

**Abigail (A Capella):** Ek is mal oor Engelse poësie en letterkunde.

**Nandi (Klofiekan):** Ek is 'n groot *geek*. Anakin Skywalker is my husband. *(real)*

**Abby (Orkes):** Ek het my gunstelingfilm al meer as 15 keer gekyk.

**Francois (Koor):** Baie mense noem my Franna, Faf, Cois, Namib, Faffa, Boeta, en Ouboet, maar my naam op my ID is Andries Daniel Francois van Wyk.

**Minke (Koor):** Ek is mal oor reis. Ek het al tien plekke oorsee besoek.

**Wat is jou toekomsdrome?**

**Lillian (A Capella):** Ek beplan om musiek en sang te gaan studeer om eendag 'n sang- en musiekonderwyseres te word. Ek sal ook graag 'n onafhanklike kunstenaar wil word.

**Abigail (A Capella):** Ek wil graag Grafiese Ontwerp en Fotografie gaan studeer en dalk eendag my eie besigheid begin.

**Nandi (Klofiekan):** Ek hoop om Fisika te gaan studeer – die sterre het my oog gevang. Maar wat ek ook al doen, dit moet in Suid-Afrika wees, want ek is so lief vir ons land en sy mense. Ek wil doen wat ek kan, om ons land op te bou en versoening te bring.

**Abby (Orkes):** Ek hoop om weer volgende jaar as die hoofleier en konsertmeester van die orkes aangewys te word. Ek wil na matriek tandheelkunde gaan studeer.

**Francois (Koor):** Ek wil graag my studies in Aktuariële Wetenskap voltooi en eendag oorsee gaan om die Noorderlig te sien.

**Minke (Koor):** Ek wil graag medies gaan studeer en uiteindelik 'n pediater word. Ek wil ook eendag in Kanada woon.

**Wat is jou raad aan die leiers van volgende jaar?**

**Lillian (A Capella):** Geniet elke oomblik. Geniet dit om leiding te neem, maar moenie probeer om oor te neem nie. Deel jou verantwoordelikhede en bly nederig.

**Abigail (A Capella):** Geniet dit en koester elke oomblik!

**Nandi (Klofiekan):** Moenie bang wees om iets te doen wat nooit tevore gedoen is nie - selfs al loop dit skeef. Dit is die enigste manier waarop 'n mens groei of hoe 'n mens in die joernalistieke wêreld, by die waarheid uitkom.

**Abby (Orkes):** Weet altyd jy kan staatmaak op die mense rondom jou. Moenie dink jy hoef alles alleen te doen nie. Dit is vreeslike harde werk.

**Francois (Koor):** Geniet dit net, want as jy dit geniet sal almal jou voorbeeld volg en dan sal alles in plek val.

**Minke (Koor):** Moenie moed verloor nie en moenie jou ore aan almal uitleen nie. Daar is altyd lekker tye in die koor, maar soms is daar ook slegte tye. Glo in jouself en streef daarna om die koor 'n gelukkige, rustige ervaring vir elke koorlid te maak.




*Voor v.l.n.r.: Abigail Badenhorst, Abby Moolman, Nandi Gous*
*Agter v.l.n.r.: Minke van der Mescht, Francois van Wyk en Lillian van Staden*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*


# Die volgende stop is by die Oscars: filmaand slaan asems weg

Claudia van Wyk

Waterkloof se eie filmskool het hulle talente en harde werk van die afgelope jaar op 20 September met 'n spoggerige première tentoongestel. Daar is net weer bewys dat die volgende Steven Spielberg dalk uit Waterkloof kan kom. Daar is net 12 van die vele films, wat die talentvolle vervaardigers en regisseurs die afgelope jaar self geskryf en verfilm het, vertoon.

Elmar Smit en Jana Uys, twee seniors in die filmskool, het Waterkloof se eerste première self, onder leiding van Waterkloof se kultuurhoof, juf. Anja Woolls, georganiseer. Dit was 'n reusesukses! Daar is 'n wye verskeidenheid films vertoon - van Black Jackpot, 'n film wat in net 48 uur geskryf, verfilm en geredigeer is, tot 'n musiekvideo, Let love win. Die filmskool se groot projek, "PAIN"nocchio, was natuurlik die ster van die aand met ongelooflike redigering, grimering en akteurs. Daar was selfs films van een minuut lank soos Spoedtoets, met professionele visuele effekte wat die ongelooflike vaardighede van die vervaardigers kon onderstreep. Die gehoor is verras met 'n agter-die-skerms-video. Daar kon hulle 'n idee van al die harde werk, sweet en uitdagings kry en besef dat die filmbedryf beslis nie maklik is nie.

Ons harte is geraak deur emosiebelaaide films soos Redgebed en Cego, wat 'n pragtige boodskap oorgedra het. Dit was 'n emosionele aand vir al die Klofie-vervaardigers, aangesien hulle van hulle vorige onderwysers en die matrieks moes afskeid neem. Al die pryse wat die leerders losgeslaan het, is definitief 'n bewys dat die filmskool op die pad na sukses is. Tydens elke film ontwikkel die leerders se kennis, talente en vaardighede. Hoërskool Waterkloof kan nie wag om te sien waarmee die filmskool volgende jaar vorendag gaan kom nie!






*Filmskool*
*- Fotograaf: Keira le Roux -*

# Drie dinamiese wonderwerkers

Nicolas du Plooy en Juan de Wet

As jy 'n funksie wil hou, kontak dié dames, gou! Met Waterkloof se wêreldklasstandaarde, kom wêreldklasfunksies. As jy dink dat die drie steunpilare van Waterkloof die hoof, die onderhoof en die departementshoofde is, sit jy die pot mis. Dit is Pony, Salome en Koketso.

Salome en Pony werk onderskeidelik ses en vier jaar by Waterkloof. Dié twee is soos vinkel en koljander. Pony, ons eerste steunpilaar, maak tee, maak skoon en help met funksies. Salome, ons tweede steunpilaar, werk by die administratiewe blok. Sy maak koffie en tee vir almal wat Waterkloof se kantore betree! Sy ken die hoof soos die palm van haar hand. Volgens haar, drink hy sy eerste koppie koffie slegs met melk en sy tweede een met twee teelepels suiker. In die middag, maak sy vir hom tee, maar net gewone tee, nie rooibos nie! Die hoof sê: "Rooibos is vir die oumense en die mense wat siek is." Salome geniet dit vreeslik om 'n gasvrou te wees. Sy hou glad nie daarvan as iemand háár kombuis invaar en net bekers vat nie. Sy glo vas dat te veel kokke in die kombuis nie goed is nie.

Die Klofiekan het aan die drie dames gevra wat hulle sal saamneem as hulle op 'n afgeleë eiland gestrand is en al drie se antwoord was natuurlik hulle selfone. Salome het blykbaar groen vingers en geniet dit vreeslik om tuin te maak. Pony is weer die kokkedoor in die gesin, sy hou

> **"Met Waterkloof se wêreldklasstandaarde, kom wêreldklasfunksies."**

van bak, kook en natuurlik … eet. Die grootste funksie waarvoor hulle jaarliks moet regstaan, is die Smulfees. Die sukses van die fees is beslis 'n weerspieëling van hulle bekwaamheid.

Ons derde steunpilaar is Koketso. Wat sy die meeste van haar werk geniet, is om daagliks almal by die skool se breë glimlagte te sien. Koketso werk by die sportburo. Sy en juf. Hannelie werk nou saam. Koketso maak daagliks vir haar tee, nes sy daarvan hou. As daar een ding is wat sy vir die Klofies wil vra, is dit om die werkers te groet. Dit blyk dat daar reeds 'n klompie is wat gaaf groet en Koketso waardeer dit baie. Sy sê die meeste skinderstories wat sy hoor, is nie tussen onderwysers nie, maar tussen haar medewerkers. Volgens haar kan 'n mens 'n hele realiteitsreeks oor al Waterkloof se vloerpersoneel se doen en late maak! Sy is mal oor haar werk, behalwe om die toilette skoon te maak; dit steek haar dwars in die krop. Koketso luister graag na gewyde musiek terwyl sy werk. Sy is 'n boekwurm en glo: "Lees is 'n fees." En net as jy dink dat sy jou nie meer kan verras nie, noem sy dat sy tans onderwys studeer. Sy het 'n passie vir kinders en streef daarna om 'n grondslagfase-juffrou te word. Sy het dus baie balle om in die lug te hou: met 'n voltydse werk, 'n veeleisende kleintjie en 'n graad wat behaal moet word.

Die werkers moet vroeg uit die vere wees om seweuur by die skool te arriveer. Alhoewel hulle agter die skerms werk, sien ons hulle passie en toewyding raak. Sonder hierdie drie steunpilare, sal Waterkloof beslis in duie stort. Ons dank hierdie wonderwerkers vir alles wat hulle vir Waterkloof en sy mense doen.



*Salome, Pony, en Koketso.*
- Fotograaf: Janneke Vahrmijer -

# Barbie: die skouspel van 2023

Mia Appelcryn, Miné Naudé en Anja Maranta

Met 'n reusesuksesstorie agter dié naam vereis dit baie kundigheid om so 'n projek in 'n sukses te omskep. Van die akteurs tot die musiek en die temas, moet alles haarfyn beplan word om 'n fenomenale film, met 'n groot invloed op die samelewing, tot gevolg te hê, want elke deeltjie maak 'n verskil…

Van die pienk klere in die winkels tot die liedjies op die radio, word ons daagliks van die Barbierolprent bewusgemaak. Sonder twyfel het hierdie film 'n groot invloed op die samelewing, die ekonomie en die filmindustrie gehad. Ten spyte van die feit dat die film in 'n fiktiewe wêreld afspeel, raak dit baie realistiese en relevante kwessies waarmee ons daagliks in aanraking kom, aan. Die problematiese natuur van patriargie word voorgestel, sowel as die probleme wat in feminisme lê. Ons word bewusgemaak van hoe belangrik die balans tussen geslagte is en hoe maklik 'n wanbalans geskep kan word.

## Filmresensie
### *Pittig, PIENK en Pragtig*


Barbie, die pragtige pop met die ikoniese blonde hare, die perfekte styl en letterlik 'n miljoen-doller-glimlag, het die wêreld se fliekteaters op 9 Julie 2023 betree en elke meisie (jonk en oud) se hart met opwinding gevul.

Greta Gerwig, die regisseur van *Little Woman* en *Lady Bird* bring almal se gunstelingblondine na die silwerskerm. Elke goeie film vereis natuurlik die regte akteurs. Margot Robbie as Barbie en Ryan Gosling as Ken, was beslis die regte keuses. Beide akteurs vertolk die rolle met oortuiging. Dié film het rekords gebreek deur tydens die openingsnaweek reeds $162 miljoen te verdien.

Barbie mag dalk vir sommiges oppervlakkig voorkom, maar dit bevat 'n baie dieper boodskap wanneer jy tussen die lyne begin lees. Die storie handel oor Barbie wat haar perfekte lewe in Barbieland verlaat om die regte wêreld te verken. Ongelukkig is wat sy vind, glad nie wat sy verwag het nie en leer sy dat die regte wêreld ver van perfek af is en dat dit pyn en hartseer insluit. Sy ontdek meer van haarself en leer dat elkeen daagliks oorloë van hulle eie moet beveg. Sy ontdek ook die kant van die samelewing wat verwag dat 'n mens te alle tye perfek moet voorkom. Later leer sy dat almal op hulle eie manier pragtig is en dat die samelewing verkeerd is oor die onbereikbare standaarde wat gestel word.

Die film raak talle ander temas aan, byvoorbeeld die liefde wat 'n ma vir haar kinders het en selfs dat oudword 'n geskenk is, omdat dit beteken dat jy jou lewe ten volle geleef het. Die film lê die sterkste klem op die feit dat dit onnodig is om perfek te wees en dat die strewe na perfeksie eintlik jou vreugde steel.

Barbie is beslis 'n wenfilm vir die hele gesin. Dit mag jou dalk net 'n les of twee leer. Onthou Ken se wyse woorde: *"I am Kenough!"*




## Musiekresensie
### *Hey* Barbie

Die Barbiefilm was 'n reusesukses! Die musiek wat in 'n film gebruik word, het 'n enorme invloed op die film se geslaagdheid. Die atmosfeer, die toon en die tema van enige film maak staat op die musiek wat in die film gebruik word. Karakters word deur middel van musiek uitgebeeld. Verhoudings tussen karakters en hulle omgewings word deur veranderinge in die musiek aangedui, wat ook karakterontwikkeling oordra.

Mark Ronson, Barbie se musiekregisseur, was gereed om die musiekindustrie se monde met 'n tweede treffer te laat oophang. Te danke aan Ronson is bekende kunstenaars, soos Lizzo, Khalid, Tame Impala, Nicki Minaj en IceSpice se stemme in een uiteenlopende pienk album gevoeg vir die hele wêreld om te geniet.

Emosie was een van die belangrikste aspekte waarop Barbie se produksiespan gefokus het. Die verskeidenheid genres het die film se regisseur toegelaat om geliefde karakters soos Barbie en Ken op 'n emosionele vlak uit te beeld. Barbie en Ken se eensydige verhouding word deur Ryan Gosling se *I'm Just Ken* beklemtoon, terwyl Barbie se innerlike konflik deur die popsanger, Lizzo, se treffer Pink by die tema van die film aansluit.

Die vrolike atmosfeer van Barbie is deur Dua Lipa se *Dance The Night* uitgebeeld, en die bekende kletsrymers, Nicki Minaj en IceSpice, het kragte saamgespan om 'n moderne weergawe van die Euro-popgroep, Aqua, se tydlose Barbie Girl te maak. Beide hierdie treffers het binne die eerste week van die film se debuut hulle plekke op die *Top 10 UK* en *US Charts* ingeneem.

Met haar liedjie *What Was I Made For?* veroorsaak Billie Eilish weens haar engelstem 'n knop in elke kyker se keel. Sam Smith, KAROL G en Aldo Ranks het deur hulle oorspronklike liedjies die satiriese deel van die Barbiefilm aan die gehoor uitgebeeld en 'n komiese atmosfeer in 'n emosionele storie geskep.

Die talente van al die kunstenaars wat by Barbie se musiekproduksie betrokke was, het tot die sukses van die film bygedra. Barbie kan immers nie haar hakskoene aantrek en haar dag sonder 'n vrolike liedjie wat in Barbieland speel, begin nie.

# Lewensvaardighede FOR DUMMIES®



# Hoe? Wat? Wanneer? Waar?

## Alles wat jy nodig het om jou lewe makliker te maak

**Marni Botha, Juan de Wet, Krige Steyn, Lyné Steyn**

In graad 8 ken jy die spesiale aanpassings van alle diere en in matriek weet jy presies hoe en hoekom selle saamsmelt om 'n nuwe organisme te vorm. Maar wat van basiese vaardighede wat ons nooit geleer word nie? Ons bespreek graag 'n handjievol belangrike vaardighede wat elke skoolverlater in sy lewensgereedskapskissie moet hê.

## FISIESE VERBETERING:

### Oefening:

Gereelde oefening is een van die beste dinge wat jy vir jou liggaam kan doen, maar hoe moet jy begin? Moet jy gewigte gebruik of jogaklasse bywoon?

**Hoe moet jy begin en hoe hou jy aan?**

Net soos Nuwejaarsvoornemens, wil ons baie keer met 'n oefenprogram begin, maar dan hou ons halfpad op. Voor jy met 'n oefenprogram begin, moet jy sekermaak dat jy nie enige gesondheidsprobleme het wat moontlik jou oefening kan beïnvloed of kan veroorsaak dat jy jou liggaam verder beseer nie. Tweedens moet jy realistiese doelstellings hê. Begin byvoorbeeld om eers net vyf minute per dag te stap. Vermeerder dit dan na tien minute en voor jy jouself kan kry, stap jy 'n uur op 'n slag! Onthou om op te warm, want dit kan ernstige beserings verminder.

Die tipe oefening wat jy doen, sal bepaal wat jou doel met jou oefenprogram is. Joga is voordelig vir krag, balans, soepelheid en beter gesondheid. As jy egter 'n spiertier wil wees, moet jy eerder 'n oefenprogram met gewigte oorweeg. As jy net aktief wil bly, is die beste voorstel om alles te probeer. Gaan probeer rolskaats, woon 'n dansklas by, gaan stap of neem aan 'n wateraërobiese klas deel. Hou dit interessant, want as dit nie vervelig raak nie, sal jy makliker aanhou oefen.

*Bronne:*
*Healthline. https://www.healthline.com/nutrition/how-to-start-exercising*
*HelpGuide.org. https://www.helpguide.org/articles/healthy-living/how-to-start-exercising-and-stick-to-it.htm*

### Slaap:

Slaap is ons gunstelingwoord ('n wondersoete ding) en tog is dit iets wat nie behoorlik by hoërskoolleerlinge plaasvind nie. Slegte of te min slaap het baie negatiewe gevolge, naamlik angs, depressie, geheueprobleme, 'n verswakte immuunstelsel, ensovoorts.

**Hier is vyf maniere, volgens 'n slaapguru, om seker te maak dat jy 'n ordentlike nagrus kry.**

1. Kyk na die sonlig deur binne die eerste 30 - 60 minute na jy wakker geword het, buitentoe te gaan. Doen dit ook weer tydens sonsondergang.
2. Die kamer waarin jy slaap, moet koel en donker wees. Jy moet 'n kombers byderhand hê, wat jy later kan afhaal. Jou liggaamstemperatuur moet met ten minste 1˚C afneem vir jou om goed te kan slaap.
3. Moenie te laat oefen nie.
4. Volg vaste slaap- en wakkerwordtye.
5. Plaas die ligte laag (byvoorbeeld op die vloer) en bly weg van helder kunsmatige ligte. (Dit sluit daardie ellelange YouTube-video's en sosiale media voor slaaptyd in.)

*Bronne:*
*Less Wrong. https://www.lesswrong.com/posts/byRksvtDhK7sSc5Zm/andrew-huberman-on-how-to-optimize-sleep*
*Huberman Lab. https://www.hubermanlab.com/newsletter/toolkit-for-sleep*

## ALGEMEEN:

### Hoe was ek wasgoed?

1. Sorteer jou wasgoed in verskillende hopies volgens kleur. Sit byvoorbeeld donkerkleurige wasgoed by ander donker klere, en ligte klere by ander ligtes.
2. Kies die regte wassiklus. Die delikate siklus is vir materiaaltipes wat gewoonlik met die hand gewas moet word. Die normale siklus is vir meeste alledaagse items wat nie so baie liefde soos delikate items benodig nie. Die *permanent press*-siklus is vir sintetiese materiale, byvoorbeeld. Nylon - dit is soos oefenklere.
3. Stel die watertemperatuur. 'n Koue temperatuur is altyd beter as 'n warm een wat dalk sekere materiale mag krimp. 'n Warm-koue opsie, wat die klere in 'n warm temperatuur was en in 'n koue temperatuur uitspoel, verminder kreukels.
4. Voeg waspoeier (die was- en die versagmiddel) by volgens die aanwysings op die pakkie.
5. Kyk vir vlekke op klere en spuit vlekke met 'n vlekverwyderaar soos Vanish of Preen. As dit opgespuit is, moet die klere gewas word voordat die middel droog word.
6. Gooi die vuil wasgoed in die wasmasjien.
7. Skakel die masjien aan.
8. Onthou om die klere so gou as moontlik nadat dit klaar gewas is, uit te haal en op te hang om droog te word sodat dit nie kreukel nie.

*Bron:*
*Netwerk24. www.netwerk24.co.za*

### Hoe installeer ek 'n gloeilamp?

1. Skakel die krag af. Moet nooit 'n gloeilamp ruil as die krag steeds aan is nie. As jy ekstra veilig wil wees, kan jy die krag by die hoofdienspaneel afskakel.
2. Laat die gloeilamp afkoel. (Kry 'n stewige trapleertjie om te kan bykom.)
3. Verwyder die ou gloeilamp deur dit antikloksgewys uit te skroef. Sommige gloeilampe het egter twee pennetjies en word nie uitgeskroef nie. As jy hierdie tipe gloeilamp vashou, druk eers die gloeilamp effens dieper in en draai dit dan antikloksgewys.
4. Plaas die nuwe gloeilamp in deur dit kloksgewys in te skroef. As dit die tweepennetjie-tipe gloeilamp is, belyn eers die gaatjies met die pennetjies, druk dit dan weer effens in voor jy dit kloksgewys inskroef. Moenie te hard druk en die glas van die gloeilamp breek nie!
5. Skakel die krag weer aan. Ou gloeilampe moet verkieslik op die regte manier weggegooi word, omdat gebreekte glas in normale huisvullis gevaarlik kan wees. Sommige supermarkte doen herwinning van gloeilampe.

*Bron:*
*Mr. Electric. https://mrelectric.com/blog/how-to-change-a-light-bulb-in-14-easy-steps*

### Hoe om 'n wiel te ruil?

## GESONDHEID:

Jy is uit die skool uit en jy moet onafhanklik wees, maar jy word siek.

**Hoe maak ek 'n doktersafspraak?**

1. Indien jy 'n spesifieke kliniek of dokter verkies, skakel dadelik om 'n afspraak te maak. Indien jy 'n nuwe kliniek moet vind, soek na 'n kliniek wat naby jou geleë is, of wat jou spesifieke gesondheidsbehoeftes aanspreek. Kry 'n kliniek wat jou dadelik kan help.
2. Weet of jy gesondheidsversekering of 'n mediese fonds het. Indien nie, vind 'n kliniek wat gratis dienste verskaf of dienste teen 'n laer koste aanbied.
3. Skakel die kliniek of dokter en kies 'n afspraaktyd wat vir jou werk.
4. Gaan voorbereid. Bring jou mediesefondskaart, asook 'n lys van die medikasie wat jy tans gebruik, saam. Neem jou immunisasierekord saam. Dit is 'n kaart wat jou inentings aandui.
5. Gaan betyds na jou afspraak, omdat jy eers papierwerk sal moet voltooi. Indien jy laat is, kan jy jou afspraak verloor en moet jy dalk daarvoor betaal. Jy sal dan moet herskeduleer. Bel vroegtydig om te herskeduleer.

## FINANSIES:

Geld is altyd vir almal 'n probleem. Hier is 'n paar wenke om jou 'n voorsprong in die finansiële wêreld te gee:

**Wanneer en hoe betaal ek belasting?**

Jy hoef eers inkomstebelasting te betaal as jy meer as R91 250 per jaar verdien (2023). Indien jy meer as dit verdien, moet jy by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) op hulle aanlyn webtuiste registreer, die SARS-app aflaai of na een van hulle kantore toe gaan.

**Hoe werk versekering?**

Daar is verskeie tipes versekering soos: motorversekering, versekering vir 'n huis of ander besittings indien dit gesteel of beskadig word, mediese versekering as jy 'n dokter moet sien of na 'n hospitaal moet gaan, lewensversekering vir as jy sou sterf en jou afhanklikes versorg moet word en ongeskiktheidsversekering as jy dalk 'n gestremdheid opdoen en nie meer kan werk nie. Jy kan jou versekering maandeliks betaal en indien nodig, sal die versekering jou onkostes dek. Die bedrag word deur die versekeringsmaatskappy bepaal afhangende van jou lewenstyl en ander risikofaktore. Hulle vereis dat jy 'n vraelys hiervoor voltooi. Party mense verkies om nie versekering te betaal nie en spaar eerder hulle geld in 'n bankrekening en onttrek dit dan as iets verkeerd gaan. Dit kan egter nie altyd duur ongelukke of beserings dek nie. Jy besluit self hoe baie jy wil verseker of spaar. Mediese kostes is egter duur en dit is wys om ten minste mediese versekering te hê.

**Wat moet ek oor lenings weet?**

Jy kan 'n sekere hoeveelheid geld by, byvoorbeeld 'n bank leen, maar daar sal altyd 'n persentasie rente op die geleende hoeveelheid bygevoeg word wat jy binne die vasgestelde tydperk moet terugbetaal. Lenings is baie duur so vermy dit indien moontlik. Betaal eerder kontant vir klere en ander huishoudelike items. Spaar totdat jy genoeg geld het om kontant te koop. Vir groter items soos karre en huise moet 'n mens gewoonlik 'n lening uitneem. Jy kan die bank kontak of aanlyn kyk of jy vir die lening kwalifiseer. Neem in ag dat jou maandelikse inkomste en krediettelling sal bepaal hoe groot die lening en die rentekoers sal wees. Hoe kleiner jou salaris, hoe kleiner die lening wat die bank jou sal bied.

*Bronne:*

*SARS. https://www.sars.gov.za/types-of-tax/personal-income-tax/*

*Capitec Ban https://www.capitecbank.co.za/personal/credit/credit-for-education/?gclid=CjwKCAjwyY6pBhA9EiwAMzmfwQu-E5irP7710xo2y42j93ePkbUJ4o8akTy9-JG76HdSW5Il9kS5xoClJoQAvDBwE*

## LOOPBANE:

Maak seker dat jy bewus is van wat op jou CV moet verskyn vir die tipe werk waarvoor jy aansoek doen. Dit verskil van beroep tot beroep en dit sal voordelig wees om 'n CV-konsultant te raadpleeg of om deeglike navorsing op die internet te doen voor jy jou CV opstel.

**Waar en hoe doen ek vir werk aansoek?**

Jy kan by spesifieke besighede vir werk aansoek doen deur 'n e-pos aan die maatskappy te stuur, aanlyn vir beskikbare poste soek, of jy kan by 'n sosialemediaplatform soos LinkedIn aansluit waar besighede moontlike werknemers soek.



**Wat moet ek tydens 'n werksonderhoud sê?**

Maak seker dat jy die onderhoudvoerder se naam ken en groet met 'n handdruk. Praat altyd die waarheid. Grootpraat gaan jou in die moeilikheid laat beland as jy die werk kry. Berei vir die onderhoud voor deur te dink aan antwoorde op moontlike vrae wat die onderhoudvoerder kan hê. Dink aan vrae wat jy aan die onderhoudvoerder kan vra. Dit sal wys dat jy belangstel.

*Bronne:*

*Indeed. https://www.indeed.com/career-advice/finding-a-job/applying-for-a-job*


*Ung Edu. https://ung.edu/career-services/online-career-resources/interview-well/tips-for-a-successful-interview.php*














# Secret Forest
## Gr. 10 bal















- Fotograaf: Elizmarie Rootman -

























# Matriekafskeid 2023









- Fotograaf: Miracles Photography -















# Kreatiewe Skryfwerk

**Ons publiseer graag drie opstelle wat die afgelope jaar onder eksamenomstandighede deur drie van ons graad 12-leerders geskryf is:**

## As … as … as …

**Vivienne Pio - Grade 12**

Die geheim oorheers my hele wese. Dit klop deur my ore en jaag deur my gedagtes, maar dans nie vir 'n oomblik op my tong nie. Dit is heeltemal onvanpas en onvergeeflik. 'n Geheim sal dit moet bly.

Ek is halsoorkop verlief.

Hierdie liefde word egter nie gedeel nie, dit is eensydig en eensaam. Hierdie liefde vind oor 'n afstand plaas, maar word nie vir 'n oomblik kortgeknip nie.

Sy is foutloos. Haar oë is die groen van 'n tuin waarin feëtjies sal wil bly. Haar hare is soos koperdrade wat elektrisiteit in my opwek. Haar lag laat my lag, selfs al weet ek nie wat snaaks is nie.

Tog is dit nie die kleur van haar oë nie, dis die manier hoe sy die wêreld observeer. Dit is nie die prag van haar hare nie, dit is die manier hoe sy daarmee vroetel wanneer haar gedagtes haar verlaat. Dit is nie die klank van haar lag nie, maar die manier waarop die hele kamer ophelder wanneer sy lag. O, en wanneer sy lag…

Haar lag oorrompel my met euforie. Dit is 'n uitbarsting van onomwonde geluk. Die kuiltjies in haar wange word oopgetrek en haar sproete vorm nuwe konstellasies waarin ek verlore raak. Die mat word egter vinnig onder my voete uitgeruk wanneer ek besef: daardie lag, sal nooit as gevolg van my ontaard nie.

Ek wil daar wees. Ek wil by háár wees. Vir al die trane. Trane van vreugde en trane van verdriet. Ek wil daar wees om haar te troos, haar aan te moedig en haar te koester.

Ek ken nie haar siel nie, maar ek wil. In my gedagtes is sy myne. In my gedagtes ken ek haar gedagtes, haar stories en selfs haar grootste vrese. Ek is haar heenkome en sy is alles waaroor ek gedroom het.

As … as … as …

As ek net op die regte tyd op die regte plek was. As ek net vroeër haar aandag kon trek.

Die deure swaai oop en soos 'n engel uit die hemel kom sy die kerk binnegesweef. Sy is beeldskoon. Ek byt op my tong om te keer dat my kaak op die vloer val. Sy kom staan by my, voor in die kerk.

Met 'n kloppende hart staan ek en wag. Die dominee vra die vraag waarvoor ek gewag het. Dit is nou of nóóit.

Ek twyfel, dan keer ek myself. Nóú, is dit te laat.

Ek jaag my gedagtes terug in my rasende kop. Hulle sal presies dit moet bly – my gedagtes. Ek gee die ringe aan vir 'n man wat ek as 'n ware vriend beskou. Die ringe wat hulle in die ewigheid verseël en my in ellende omsluit. Haar liefde is syne en die geheim, bly myne.

As … as … as …

Dit is slegs verbrande hout.

## ATTIC OF MY MIND

**Handro Myburgh - Graad 12**

There are movers in my mind. There are strange people that rip paintings of memories from the walls of my consciousness. They wrap my happiest moments in brown paper, leaving them to collect dust for eternity.

My family do not believe me. Everytime I try to explain they call me "old timer". I think they are my family. They come once a week and ask me questions about... I cannot seem to remember what they ask me about. Of course, I hardly remember them either. Their faces have mostly been stripped from the wall. Sometimes I recognise their features. I see their eyes and noses peaking through rips in the brown paper wrapping.

I have tried putting the canvasses back, but I always seem to get their order wrong. Not that it would be of any use, the movers work much faster that I ever will. I feel helpless as I walk through the increasingly naked corridors of my mind.

This feeling guides my feet to the halls of my childhood. The walls here are painted with nostalgia. The colours are more vibrant where snapshots from my youth used to hang. Now only one portrait remains, a large golden frame hugs the image of my mother in her yellow sundress. She is smiling at me. Her smile does not fade as the movers steal her from the wall. I know that this will be the last time I feel the warmth of her smile or the comfort of her gaze.

Then there is you. I promised I would always be by your side, till death do us part. Now you look at me like I am not the man you used to know. I am not the man I used to know either. I wish I could stop our paintings from being torn from the wall. I wish I could fight, but I am not the young man I used to be. I promise that I will never lose the feeling I have for you. This love graces any wall. It lives in my heart.

There are movers in my mind. They are thieves that are slowly stealing every part of me. They wrap every portrait, every memory in brown paper. The walls are almost empty. There are movers in my mind. There are… I think I said that already.

## Just too short


**Anja Coetzee - Grade 12**

Harry relished the cool breeze caressing his skin as he meandered through the garden. He could not prevent a smile from stretching across his face as he thought about his latest obsession. Her auburn locks and freckled face flitted through his mind. The adoration in her eyes and lovesick smile warmed his chest. She was not easy to woo, her stubbornness and arrogance posed a challenge, but he revelled in it. As Harry got closer to their rendezvous point he could hear her distressed voice shattering the silence.

The crescent moon grinned down ominously as Harry rushed towards the well and looked within its depths from where her voice echoed. He could make out her lithe figure scrambling on the slippery stone slope and his mask of sincerity slipped easily in place. Harry gasped and threw the rope in his hand down to her. Her eyes went alight with hope and she stretched her body like a ballerina. Unfortunately, her efforts were to no avail as the rope was just too short.

Oh, how he loved playing cat and mouse with her. He experienced immense schadenfreude as he tugged on the rope, once more, to make it seem just too short. She panted and looked up at him, a pitiful sinner begging for salvation. He gave her a wolfish grin and shed his sheep's clothing. He savoured the look on her face when realisation hit her. The light in her eyes dimmed and turned into dull murky pools. She cried in frustration, cursing him with every word.

She was one of the more entertaining mice he had caught, her fear so blatantly painted on her face. He relished in her anguish and the pleasant hum of adrenaline made him once again realise that he loved making the rope just too short.



# "Donderstokkie" en "Anti"

**Lillian van Staden en Handro Myburg**

Die kuns van toneelspel is 'n wonder om te aanskou; nog meer so wanneer jy as deel van die gehoor uitvind dat die verstommende produksie deur hoërskoolleerlinge geskryf, geregisseer en opgevoer is. Waterkloof het vanjaar nie een nie, maar twee sulke produksies op die planke gebring en hulle kon nie minder verskil nie.

"Donderstokkie" deur Lillian van Staden (regie deur Lillian van Staden en Jana Oelofse), beeld die storie van sewe onwaarskynlike metgeselle wat in dieselfde woonstelblok woon, uit. Elke karakter het eksentrieke eienskappe wat in hierdie komedie uitgebeeld word. Wanneer die hoofkarakter, Leah (Cara Grebe) die res na haar woonstel toe nooi om 'n manier te vind waarop hulle almal in vrede kan saamleef, begin die emosies en irritasie oorborrel en daar vind 'n ontploffing tussen die verskillende persoonlikhede plaas.

Hierdie toneelstuk bied vermaak aan gehore van alle ouderdomme. Die stuk skep geloofwaardige karikature met al die eksentrieke karakters wat 'n mens in die lewe teëkom. Vanaf die vriendin wat alles glo wat sy op sosiale media lees, tot die kalant wat daarby sou baat om die helfte soveel tyd agter 'n boek deur te bring as wat hy voor die spieël doen. Gehore sal elke karakter in "Donderstokkie" onmiddellik herken. Alhoewel die karakters bekend voel, is "Donderstokkie" egter ver van alledaags af. Die oordrewenheid van die mengelmoes mense se omstandighede en gesprekke laat toe dat die komiese talent van elke akteur in die ensemble deurskyn. Dít, gepaard met unieke stelontwerp, 'n opwindende klankbaan en vlymskerp dialoog, trek die gehoor in die dinamiese wêreld van "Donderstokkie" se woonstelblok in waar die volgende oomblik van komiese verligting nie ver is nie.

"Anti" deur Handro Myburg (regie deur Handro Myburg en Janica Uys) delf diep in die donker toekoms van die mensdom in. Die toneelstuk handel oor 'n vrou (Janica Uys) vir wie daar verskeie beelde uit die toekoms deur 'n geheimsinnige verteller gewys word, waar eenvormigheid, observasie en die alomteenwoordige Oog regeer.

"Anti" is 'n plesier om na te kyk, nie net oor die uitstekende vertolking en konsep nie, maar oor die roerende filmiese aspek daarvan. Daar is tonele so grillerig dat 'n mens uit jou vel wil spring net om weg te kom van die onheilspellende gevoel wat dit in jou agterlaat. 'n Voorbeeld hiervan is die briljante uitbeelding van die grillerigste verjaardagpartytjie nog: prentjieperfek, maar net af. Die karakters se bewegings is woelig, maar so presies en krities beplan dat jy sal dink die akteurs is ingestel om so te beweeg. "Anti" is nie net 'n grilstorie nie, maar wek ook empatie by die gehoor vir sommige karakters. Een van die hartroerendste tonele stel 'n desperate, eensame man voor wat uiteindelik geen ander keuse het as om geselskap by 'n robotpop, wat hy op die swartmark koop, te soek nie. Die prentjie van hierdie tragiese realiteit word so aanskoulik deur die akteurs uitgebeeld. Die klank en die uitstekende gebruik van beligting laat 'n oorweldigende gevoel van subtiele ongemak en veroorsaak dat die gehoor hulself in die situasie kan inleef.

Dit is amper onmoontlik om te glo dat hierdie produksies deur hoërskoolleerders geskryf en geregisseer is. Welgedaan aan al die betrokke leerders. "Donderstokkie" en "Anti" is beslis puik werk!









Slytherin: 2 | Ravenclaw: 8 | Gryffindor: 4, 7, 11, 12 | Hufflepuff: 1, 3, 5, 6, 9, 10

# Die kleurvolle kant van Kloof se omgeehart

Mia Appelcryn

Die oggend van 28 Julie 2023 is die skoolgronde vol opwinding en kleur, betree. Dit was die dag van Kloof se eerste *Colour Festival* en definitief nie die laaste een nie. Die kleurvolle inisiatief het deel uitgemaak van die Mnr. en Mej. Waterkloof-liefdadigheidsprojek, gedryf deur die allermooiste Chanté Venter, en die sjarmante Damian van Niekerk.

Met meer as 1 100 kaartjies verkoop en R80 000 ingesamel, het Kloof hulle harte en hande na die kleiner maatjies in nood oopgemaak na elke man se beste vriend - 'n troeteldier! Die geld is tussen die Wollies-, Shoshanguve- en Delmas-diereskuilings verdeel om so 'n verskil in die diere se lewens te maak. Daar was selfs 'n borg van 500-kilogram-hondekos te danke aan Enerpets, wat só vele magies gevoer het.

Die dag was 'n prettige affêre wat afgeskop het met die sang van Kloof se Kayla Landsberg en die vrolike melodieë van niemand anders nie, as Jakkie Louw met sy kitaar en mondfluitjie. Met sy "Sy een miljoen woorde" waarmee hy "Drie pikkewyne" beskryf, het hy Kloof vermaak. Die leerders het uit volle bors saamgesing en danspassies op die rugbyveld uitgevoer asof dit uit die mode uit gaan.

Toe kom die kleur! Met elke hand gestop met poeierverf, het die rugbyveld in 'n reënboog van prag ontplof toe die leerders saam hulle hande in die lug gooi. Oral waar jy kon sien, was daar ontploffings van kleur terwyl almal baljaar het. Deur daardie reënboogwolk het Kloof se omgeehart weereens uitgestraal.

Van groot tot klein het die Klofies altyd 'n plekkie in hulle harte en helpende hande vir enige mens of dier wat hulp benodig. Dié jaar se Mnr. en Mej. Waterkloof-liefdadigheidsprojek was beslis een vir die geskiedenisboeke en dit los 'n kleurvolle merk in elke Klofie-hart agter. Ons kan nie wag om te sien wat dié blou, geel en wit omgeehart van Kloof volgende gaan aanpak nie.

Uitreik-video











*Liefdadigheidsprojek*
- Fotograaf: Jack Brevis -

# Met liefde vermag 'n mens baie: die Steve Biko-uitreik

Laureanne Geertsema

In Galasiërs 5:22-23 word die vrugte van die Gees aan ons geopenbaar. Daar is nie beter woorde as in dié verse om die uitreik na die Steve Biko Staatshospitaal wat op 22 Augustus plaasgevind het, te beskryf nie. Die alomteenwoordige gevoel van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing was aangrypend.

Die Klofies het uit die diepte van hulle Klofie-blou harte groot hoeveelhede basiese toiletware vir die uitreik geskenk. Die goedhartigheid van die Klofies is werklik iets waarop die skool kan trots wees. Maar nie net het die Klofies hulle harte oopgemaak nie, Clicks het ook die uitreik met nie minder nie as 135 pakkies vol produkte geborg!

Met die eerste intrapslag by die hospitaal se onkologie-eenheid het die Klofieraadslede hulself dadelik handig gemaak deur pakkies, kolwyntjies en rose by die honderde rond te dra en in die hospitaal uit te deel. Elke personeellid aan diens het 'n kolwyntjie gekry en na 'n pragtige woord van Mia Appelcryn af, het die Klofieraadslede die geleentheid gehad om elk vir 'n dagpasiënt 'n roos te gee en 'n bietjie met hulle te gesels. Die dankbaarheid en liefde in die wagkamer het op talle gesigte gestraal.

Met groot opwinding is die pakkies aan die pasiënte uitgedeel. Die vreugde wat hierdie basiese geskenkie by hulle veroorsaak het, sal enigiemand met 'n knop in die keel laat. Elke pakkie is met groot deernis gegee en ontvang.

Selde onthou 'n mens hoe bevoorreg jy eintlik is, totdat jy iets beleef wat jou weer daaraan herinner. Tog is een van die elemente wat Hoërskool Waterkloof so spesiaal maak, spesifiek die nederigheid waarna ons streef. Om so 'n groot verskil in iemand in nood se lewe te maak, is werklik iets waaroor die Klofies blymoedig kan wees.

Steve Biko uitreik-video



*Steve Biko-uitreik*
- Fotograaf: Suné van der Merwe -





## Al wat ek vir Kersfees wil hê is... Kos

TERWYL DIE WÊRELD KERSFEES VIER, gaan die oorlog in Oekraïne voort om miljoene mense te verwoes wat nie net bang is vir aanval nie, maar die harde werklikheid van honger beleef. 11 Miljoen mense, of een uit elke drie gesinne in Oekraïne, is nou voedselonseker. Hulle alledaagse stryd is oorlewing, en al wat hulle vir Kersfees wil hê, is kos.

Met die hulp van ons ondersteuners poog ons om God se ongelooflike liefde te demonstreer deur 40 000 Operasie Kersfees Liefde bokse gevul met kos noodsaaklikhede, lekkernye en die Kersverhaal te versprei aan gesinne en bejaardes wat in Oekraïne en regoor Oos-Europa woon. Deel saam met ons God se hoop en liefde hierdie Kersfees.

### Waarom Mission Without Borders?

*Mission Without Borders is 'n internasionale netwerk van Christene wat vir meer as 63 jaar werk om die armes en behoeftiges in Oos-Europa en die streek wat nou uit Oekraïne bestaan, te ondersteun.*

### Deel God se liefde hierdie Kersfees

Skandeer die QR-kode om via Zapper te skenk, of besoek www.mwb-sa.org om 'n veilige aanlyn skenking te maak, of bel ons by 079 826 3630 om 'n EFT of direkte betaling te maak.

# Klofie-gedigte

Jani Strydom en Je-miné de la Rey

## Kaalvoetkind
(Polina Pototskaya)

Op lappiesveld
sien ek 'n ou
kaalvoetkind
verlore van toeka
tot nou
sy hoor nie
hoe ek oor
die genadespoor
van Voortrekkers loop
sy sien nie
hoe die gansveer briewe
wegwaai
sy proe nie die inkswart
bloed op boombas-skerf
wat haar geboorte
reeds salf.

## Meisie - vierde bank, derde ry
(Lilene Changuion)
(Vanaf: Seun - derde bank, tweede ry)

Soos ek hier sit
en op die ileums en jejums probeer fokus
weet ek jy kyk na my;
kop op jou hand gerus
verveeld met die toets
jou bruin hare in 'n vlegsel
'n dimpel in jou wang.

Ek glimlag, want ek weet
van hoe jy my probeer beïndruk
van hoe jy jou hare vleg vir my
van hoe jy glimlag as ek verby jou loop.

Maar ek frons
nie vir die Lewenswetenskap nie,
maar vir die feit dat ek nie wil gaan nie
ek sal onredelik baie na jou verlang
en hoe jy moeite doen vir my
salig onbewus
Dat ek jou sien

## Die wonders van 'n boek
(Casey Robertson)


Ken jy die boek
van die meisie, met die kappie van bloedrooi fluweel, van die drie varkies, met nêrens om te gaan,
of dié van die man op die maan?
Ken jy die boek
van swerwers sonder rigting,
en soekers wat nooit vind?
Eindelose boeke oor kinders van die wind...
Maak oop die boek en sien wat in die fynskrif skuil, vir die stories in boeke sal ek niks anders verruil!
My gedagtes hardloop vry en maak 'n draai om elke hoek, altyd na 'n splinternuwe storie op soek.
Die hele wêreld word stil en ek luister in die donker uur, na die naggeluide van die blaai van my boek se papier. Ek lees die boeke van legendes,
soos: André Brink en Antjie Krog en
hulle bloei hulself uit ... op papier!
Ek lees boeke oor speurverhale, en ek lê heelnag wakker en dink ... wie?
My gedagtes hardloop vry!
Ek is vasgehoek
aan hierdie wonder sprokiesboek, van prinsesse en paddas
met gelukkige eindes.

Ek moet terugkeer na realiteit,
onder my flenterkombersie in Distrik Ses,
in ons kleine sinkdakhuisie,
saam met Ouma en Oupa en Ma en Pa en al die res
Seker moet ek 'n uiltjie knip
en soet drome droom
Want my drome is nes 'n boek vir my.
Al wat ek kan doen om die werklikheid te vermy. Niemand wat drink óf rook óf vloek.
Dít is die wonder van 'n storieboek
In my storieboek is ek buite bereik,
van die boewe en bendes wat my wil vang, maar ek kruip weg,
agter die hardebandboeke
"Rus sag; ek pas jou op," sê my goeie fee vir my.
"Moenie bekommer nie ..." die ridder op die wit perd is jy!
Ritsel, ritsel...
My boek is toe,
en die straatligte uit,
en dit is die einde van dié boek - fluit-fluit.


# Leesland:
## die ideale Desember-bestemming

Nandi Gous en Vivienne Pio


Die beste deel van die jaar het aangebreek: die lang, sonnige Desembervakansie. Na hierdie uitputtende jaar verdien niemand dit meer as die inwoners van Kloof nie. Bêre die lastige handboeke en maak plek in jou tas vir die régte soort boeke.





Of jy nou tuis bly, die bosveld besoek of twee skakerings donkerder op die strand raak; dit is die perfekte tyd om met die leesstof op te vang wat jy tydens die eksamen moes wegpak. As jy nie weet waar om te begin nie, moenie stres nie; die Klofiekan het 'n paar aanbevelings vir jou.





Min dinge is so lekker soos om in die son te bak met 'n boek in die hand en daarvoor het ons die perfekte boeke in gedagte, naamlik romanse: ***Better than the movies*** deur Lynn Painter, ***It started with a secret*** deur Jill Mansell en ***Every Summer After*** deur Carley Fortune.





As die eksamen jou nie heeltemal uitgeput het nie, is die klassieke boek, ***The Picture of Dorian Gray*** deur Oscar Wilde en ***The Count of Monte Cristo*** deur Alexandre Dumas, ideaal om jou dieper te laat dink (en baie slim te laat voel).





'n Mens kan egter nie heeldag op jou negende werwel lê nie. Die misterie/riller, ***The Shadow of the Wind*** deur Carlos Ruiz Zafón en ***A Good Girl's Guide to Murder*** deur Holly Jackson, is genoeg om enigiemand te laat regop sit.




Vir 'n mistige dag in die berge, is ***The Secret History*** deur Donna Tartt genoeg om die **Dark Academia** in jou wakker te maak.




Glo my liewe Klofie, ons weet dat die kans baie groot is dat fantasie jou gunstelinggenre is, as jy die volgende lees: ***Jade City*** deur Fonda Lee, ***A Monster Calls*** deur Patrick Ness, ***The City of Brass*** deur S.A. Chakraborty, ***The Lies of Locke Lamora*** deur Scott Lynch en ***Harry Potter*** deur J.K. Rowling.








Mag jy hierdie Desember, van *Hogwarts* na *Mordor*, meegevoer word. Mag jy op avonture gaan, nuwe filosofieë leer en verlief raak op die fiktiewe - alles vanaf die gemak van jou strandhanddoek. Lekker lees, Kloof!

**Dit is duidelik waarom die Klofies jaarliks in Visuele Kuns (o.l.v. juf. Bonnie Joyce) en Ontwerp (o.l.v. juf. Anne-Marié Grobler) presteer.**


## KUNS






## ONTWERP
















# Met grysheid kom wysheid: 1 + 1 = 2

## Mnr. en juf. Stoop, Kloof se gunsteling onnie-paartjie.

**Miné Naudé, Anica Ueckermann**

**Waar het Meneer en Juffrou ontmoet?**

**Juf. Stoop:** Ons het mekaar in 2012 ontmoet toe ons saam by Hoërskool Pretoria-Noord skoolgehou het.

**Mnr. Stoop:** Ek het juf. Stoop by die skool gesien en gevra wie sy is. Die hoof het gesê dat sy op die graad 8-kamp gaan, toe reël ek skelm om saam te gaan.

**Hoe lank is julle al saam?**

**Juf. Stoop:** Van 2012 af, dit is 11 jaar.

**Mnr. Stoop:** 11 jaar. Ons is hierdie jaar al ses jaar getroud.

**Wie kontroleer die rekening as julle gaan uiteet?**

**Juf. Stoop:** Beslis ek. Meneer betaal, maar ek kontroleer dit.

**Mnr. Stoop:** Nee, definitief Juffrou. Ek betaal maar om by te dra.

**Wat is julle gunstelingaktiwiteit, behalwe om Wiskunde te merk?**

**Juf. Stoop:** Beslis om te gaan fliek. Ons doen dit hopeloos te min.

**Mnr. Stoop:** Juffrou merk die meeste van die tyd my vraestelle, so ek het lekker baie tyd om ander aktiwiteite te doen.

**Wat waardeer Juffrou/Meneer van die ander persoon?**

**Juf. Stoop:** Hy is 'n baie goeie pappa. As ek sien hoe hy met ons twee dogtertjies werk en hoe lief hy vir hulle is, waardeer ek hom baie.

**Mnr. Stoop:** Haar omgeehart. Sy stel my altyd eerste, maak nie saak wat die gevolge is nie.

**Noem iets wat u oor verhoudings geglo het, maar nie meer glo nie?**

**Juf. Stoop:** Ek sal sê liefde met die eerste oogopslag. Ons het eers baie baklei, maar toe raak ek dolverlief op hom.

**Mnr. Stoop:** Die feit dat jy heeltyd na ander mense se raad moet luister. Jy leer die persoon ken, daarom is die beste raad om net na jou eie hart te luister en nie jouself aan verskillende mense se opinies te steur nie.

**Het julle al ooit raad oor 'n verhouding van kinders geneem?**

**Juf. Stoop:** Nee, nie waaraan ek kan dink nie.

**Mnr. Stoop:** Ja, jy kan as 'n grootmens uit kinders se foute leer. 'n Mens kyk wat hulle verkeerd doen en dit help jou om nie dieselfde foute te maak nie.

**Wat is die beste raad wat u aan jong paartjies kan gee?**

**Juf. Stoop:** Jesus kom altyd eerste. Kommunikasie is belangrik, maar Jesus moet altyd die toppunt van jou verhouding wees.

**Mnr. Stoop:** Maak tyd vir die Here en maak seker dat jy tyd aan mekaar afstaan. Moenie aan mekaar gewoond raak nie; doen altyd moeite met mekaar.



*Juf. en Mnr. Stoop*
- Fotograaf: Anja Maranta -






- Fotograwe: Teoné Brittion, Matthys Greeff, Dané Naudé, Nikah Myburgh, Keira le Roux, Marlette Krüger -

# Paparazzi-pret

*Fotograwe: Elmar Smit, Tanica Stroebel, Matthys Greeff, Esmerie Geldenhuys, Jack Brevis, Lara Myburgh, Dané Naudé*














































# Speletjie: Wat staan op die bordjie?

Anica Ueckermann en Mia van der Walt

Stuur die antwoorde van die blokraai aan juf. Retha Hofmeyr op *Teams*.

**Sluitingsdatum**: Saterdag 24 November 2023

Die eerste leerder uit elke graad wat al die leidrade korrek het, wen R150!

**Staan 'n kans om jou deel van R600 te wen!**

**Instruksies:**

1) Vul die ontbrekende woorde in. (Die woorde kan op bordjies regoor die skoolterrein gevind word.)
2) Skryf al die omkringde letters hier neer. _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _
3) Skommel bostaande letters om 'n woord te vorm. _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _
   (Leidraad: dit vind op die skool se verjaarsdag plaas.)
4) Stuur jou antwoorde en die woord aan juf. Retha Hofmeyr op Teams.

1. Dit word nie in die krieketnette toegelaat nie. _ _ _ _ _ _ _ _ _(_)_ _ _
2. Die sterkste aksie vir 'n vrou is om _ _(_)_ _ _ _ _ (_)(_)_ _ _ _ _ _. (Nuwe kleedkamers)
3. Die snoepie laat dit nie toe nie. _ _(_)_ _(_)_
4. Manie _(_)(_)
5. _ _(_)(_)_ _ _ _ _ _ _ _ en Balletsaal. (Aanwysings)
6. (_)_ _ _(_)_ Kruger, altyd in ons harte. (Vierkant)
7. André van der _(_)_ _. (Ovaal)
8. Wie het die amptelike opening van die krieketnette waargeneem?
   Mnr. _. _. (_)_ _ _ _ _ _ _(_)_
9. Wat is klaskamer B4 se ander naam? _ _ _ _ _ _(_)
10. Hierdie persoon het die kapel tydens die skool se 25ste bestaansjaar onthul: Dr. _. _. (_)_ _ _ _(_)
11. Bring jou papier, ou (_)(_)_ _!
12. Geen _ _ _(_)_ _, geen toegang. (2020)
13. (_)_ _(_)_(_)-land 44 jaar.
14. Waar _ _ _(_)_ _ iemand is.



## SOEK VIR POULIE

Vind die ses versteekte blou poue ook bekend as: Poulie

# Onnies: meng-en-pas-speletjie

Arnold Dippenaar en Michaela Smith

In watter *Hogwarts* huis pas die onderwysers?







*- Fotograaf: Miracles Photography -*

# Tong-in-die-Kies

Nicolas du Plooy en Krige Steyn

Kwartaal 3 en 4 het soos een kwartaal gevoel, want voor jy kon sê: "Virgin Mojito," toe is dit weer: staan op, sit stil, boeke oop… Gelukkig kon ons die langnaweek(ie) tussen die twee kwartale, ten volle geniet! Hoe sê hulle? Kort en kragtig.

Siende dat die kwartaal só langdradig was, sal ons al die gebeure in maande moet opdeel. In Augustus, het dit voor die wind by Kloof gegaan! Gepraat van winde, ons het hierdie jaar erge Augustuswinde beleef en met dié ysige weer, moes 'n mens twee keer kyk, want dit het gelyk asof elke tweede siel rook, met die wasem wat voor almal se monde hang. Die afwesige son het Kloof al weer in die steek gelaat, want jy benodig SON vir die SONpanele om te werk. Behalwe dat dit soos 'n nagklub gevoel het, soos die ligte aan- en afflikker en mnr. Roos die kragopwekker probeer resussiteer, kon ons ook speletjies soos donkerkamertjie speel! #herleef die kinderdae. Die Colourfest was beslis 'n treffer! Alle kleure en geure is waargeneem (geure veral omdat party nie net poeier buite die mond ervaar het nie, maar binne ook). Die meisies is met twee nuwe badkamers beloon en dit het die meeste meisies 'n sug van verligting laat gee. Die feit dat die T-klasse se bankies afgebreek word, sit die "Ag!" in "Augustus". Dit word klaarblyklik gedoen met die doel om meer leerders op hulle voete te hou. Dis glo die antwoord vir bobene soos dié van die hoofseun.

Sonnige September skop met die heerlike reuk van kompos af! Dit veroorsaak dat almal na hulle asems snak. Die juffrouens se sneesdoekieblikke is al weer leeg en dis nie net die kwartaaltoetse se skuld nie. Ons word weer daaraan herinner dat hoërskoolverhoudings so onvoorspelbaar soos die weer is. Die meeste van dié verhoudings hou vir 'n korter tydperk as my 2018-Android se battery. Mionette Short vra by die Smulfees: "Wil jy ry of bly?" en met al hiérdie avonture, is dit maklik vir 'n Klofie om te wil bly. Dié wêreldklasskool, begin nou sommer soos 'n wêreldklaslughawe voel (en nee, nie Waterkloof Lugmagbasis nie). Meneer Koeta is nou gestewel en gespoor met sy metaalverklikker. Hy wag agter elke hoek en draai om jou (met jou USB-stokkie) op heterdaad te betrap. Die hoofnuus van September is: Suid-Afrika het 'n landswye WATERtekort na Hoërskool WATERkloof sy naam (weer) tydens die kaskardag deur die MODDER sleep. Alle Klofies moes vir minstens twee uur stort om MODDER, klippies en ander vreemde items uit hulle hare te kry. En hoe kan ons van die noodplan vergeet? Dit was natuurlik báie onverwags. NIEMAND het dit voorspel nie. Selfs al gaan dit om lewe en dood, moet jy steeds jou baadjie dra. Daar word beaam dat houtskoolbanke koeëls kan weerstaan en in die geval van 'n vuur, moet leerders op die mees vlambare gebied van die skool vergader; die rugbyveld. Dit is noodsaaklik dat jy nie weg van die vuur af hardloop nie, maar loop. Ons Klofies glo dat die dood in die gesig gestaar moet word. En ons bedoel dit nie metafories nie.

Oktober maak sy opwagting met die bekendstelling van die nuwe reënbaadjies en die aankondiging van die nuwe kafeteria. As jy vir een sekonde by Waterkloof stilstaan, word jy óf toegeverf óf toegebou. Die merieteaand het die gange van Waterkloof laat gons en die leerders het weer die geleentheid gekry om hulle kleurbaadjies soos kersbome te versier. Dit was 'n onvergeetlike aand gevul met ongelooflike prestasies: Sportman van die jaar, Kultuurdogter van die jaar en natuurlik ons Dux-leerling, Miah Prinsloo, wat met haar prestasies menige Klofie stom gelaat het.

Ons almal lief "Kaptein span die seile," maar Waterkloof se vierkant-kaptein, sukkel bietjie om sy seile te span… Toe ons eendag die skool betree, lê een van die vierkant se seile, verward, op die vloer. Dit pas perfek by ons emosionele toestand terwyl die eksamen soos 'n dragtige olifant naderstorm. Maar onthou vriende, die koerant word nie verniet die KlofieKAN genoem nie, jy KAN! Druk deur, dan sien ons jou weer, volgende keer!



*Krige Steyn en Nicolas du Plooy*

*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Wat gebeur op die gholfbaan?

Mia van der Walt

Gholf: een van die sportsoorte by Kloof wat nie skaam is om uit te blink nie. Met al hulle uitsonderlike prestasies is dit duidelik dat díe Klofies nie net speel om te speel nie, hulle speel om te wén.

Hierdie jaar het die agt gholfspanne die groen gholfbaan blou, wit en geel geverf. Hulle het die Pirie Cup-toernooi, die Grey PE- Junior toernooi, asook verskeie Gauteng-Noord- Junior toernooie gewen. Waterkloof het ook as die wenners van die Gauteng-Noord-hoërskolespantoernooi weggestap, en daarmee gekwalifiseer vir die SA-hoërskoletoernooi, waarin hulle derde geëindig het. Hulle was die naaswenners van die Voorsitterstrofee en die eerste en tweede span het na die Gauteng-Noord- A-liga-finaal deurgedring. Al die harde werk van die spelers en hulle afrigters was beslis nie verniet nie!

Roelof Craig, 'n graad 10-leerder, is as die Gauteng-Noord-hoërskolekampioen gekroon. Hy is vir Suid-Afrika se nasionale span gekies en het ons land in Italië verteenwoordig. Hy is eerste op die provinsiale ranglys, Nelis de Bruin tweede en Liam McKenna vierde. Roelof Craig, Cilliers Craig en Liam McKenna is ook in die Gauteng-Noord-hoërskolespan opgeneem. Hierdie vier manne weet hoe om die gholfbal aan die rol te hou.

Gholf is 'n sportsoort wat oneindig baie geleenthede vir die Klofies bied om na skool te presteer. Talle oud-Klofie-gholfspelers het vir hulself naam gemaak. Christiaan Bezuidenhout, het Suid-Afrika tydens die Olimpiese Spele in Japan verteenwoordig en was verlede jaar deel van die Presidents Cup. Hy en MJ Daffue speel tans in Amerika in die PGA-reeks. Zander Lombard speel in Europa in die DP Tour en Ruan en Estiaan Conradie speel in die Sonskynreeks.

Die Klofie-gholfers ry beslis die golf ('n baie hoë golf) van sukses!



*Klofies wen topskole met 14 houe*
- Foto: Verskaf -



*Roelof Craig wen SA skoletoernooi*
- Fotograaf: Keaan Viljoen -



*Roelof Craig verteenwoordig SA Gholf span in Italië*
- Foto: Verskaf -

# Kloof-hokkie Clash: méér as 'n gewone kaartspel #houkloofhokkiedop

Casey Robertson

Vir die tweede jaar het Hoërskool Waterkloof se Hokkie akademie vergader om vanjaar nog 'n suksesvolle Clash, wat op 15 en 16 September plaasgevind het, te reël. Die opwinding was groot toe vier spanne, nl. die Diamante, Harte, Grawe en Klawers, hulle harte uitgespeel het om te wen. Elke span is na een van die vier soorte speelkaarte vernoem. Die Clash het slegs intern plaasgevind met die uitsondering van 'n paar spelers om die skool se hokkiegemeenskap uit te bou. Nuwe talent onder spelers is geïdentifiseer en almal het die dag gate uit geniet. Die spanne in die junior afdeling het elk twee Jokers besit, wat uit graad 7-leerders bestaan, terwyl die senior spanne twee Wild Cards en 'n Pro-speler besit. Wild Cards en Pro's is onder andere oud-Klofies, SA-spelers en afrigters. Elke span is deur eienaars geborg. Hulle het 'n totaal van 10 000 punte ontvang waarmee hulle op 'n doelwagter, 'n afrigter, 'n Wild Card, 'n Pro en 'n Joker op die aand van die veiling kon bie. Eienaars het ook die geleentheid gekry om deel te wees van die afrigtingsproses, die spanpraatjies en om hulle borgskappe langs die veld en op hulle span se hemde te adverteer. Elke span se uitrustings is deur ons eie coach Polite ontwerp. Die genotvolle twee dae is met 'n laaste wedstryd tussen die Bloues en die Oues afgesluit. Daarna het die afsluitingsfunksie plaasgevind, waar spelers verskeie toekennings ontvang en die res van die aand om die vuur geniet het. Dit was beslis 'n aand om te onthou en 'n tradisie wat lank sal bly voortleef.

**Junior seunswenners: Grawe**
**Senior seunswenners: Grawe**
**Junior dogterswenners: Klawers**
**Senior dogterswenners: Diamante**



**Hokkie** *Clash*
- Foto's: veskaf-

# Daniël van Wyk

Dieter Stehle

Rolstoeltennis: 'n Sport wat uiterste wilskrag en uithouvermoë van jou vereis. Dit is 'n moeilike sportsoort om mee te begin, maar Tennis Suid-Afrika het 'n program wat vir jong spelers lesse aanbied.

Daniël het in September 2020 begin rolstoeltennis speel en het onmiddellik 'n liefde vir die sportsoort ontwikkel. Sy natuurlike talent het vinnig sigbaar geraak, toe hy gereeld begin oefen het. Hy oefen tans een keer per week en wanneer hy kans kry, oefen hy gedurende naweke by Doringkloof-tennisklub. Daniël sal graag twee of drie keer per week wil oefen, maar met die matriekeksamen wat reeds aan die gang is, kry hy deesdae nie veel kans vir oefen nie.

Een van Daniël se noemenswaardige prestasies is die eerste plek wat hy in die Northwest Training Tournament verwerf het. Hy het ook gedurende 2022 'n tweede plek in die Johan Cruff-toernooi behaal. Tydens die Rising Star National Tournament (2021) behaal hy as individu en as deel van 'n dubbelspelspan tweede plekke. Daniël is tans as die nommer twee, o. 19-rolstoeltennisspeler in Suid-Afrika angewys.

Daniël is gekies om die SA-span by die BRICS Tennistoernooi, wat van 18 Oktober tot 20 Oktober plaasvind, te verteenwoordig. Sy visie is om 'n tennisspeler te wees wat ander sal inspireer. Hy hoop om 'n professionele speler te word en om eendag sy beste in die Grand Slam-toernooie te lewer.

Al Daniël se uitsonderlike prestasies dien as inspirasie vir elke Klofie om ook sy/haar drome, ongeag die omstandighede, na te jaag.



*Daniël van Wyk*
- Foto: Verskaf -




*Daniël van Wyk by die BRICS-spele*
- Foto: Verskaf -

# Muurbal slaan 'n kishou by die Klofies

Dieter Stehle



*Toekomstige Kloof kampioene*
*- Fotograaf: Alten Jansen van Rensburg -*

Is dit tennis ... tafeltennis ... nee, dit is MUURBAL!

Muurbal werk met 'n puntestelsel waar die diener die punt wen, maar as die opponent die punt wen, word dit "uit-die-hand-uit" genoem. 'n Punt word dan nie verdien nie, maar wel die kans om te dien en sodoende 'n punt te verdien as die volgende punt gewen word. Daar is drie lyne teen die voorste muur waarteen die spelers die bal slaan. Dit is 'n vereiste dat spelers tussen die boonste en onderste lyn dien en dat die bal die muur eerste tref voor dit die vloer tref. Spelers het hulle eie blokke op die vloer waarin hulle moet staan wanneer hulle dien. Muurbal is 'n sportsoort wat met potensieel ernstige beserings gepaard gaan, daarom bestaan 'n "let". Dit is wanneer jy per ongeluk in jou opponent se pad kom en jy moeite moet doen om uit sy pad te kom, sodat hy kan speel en sodat jy nie raakgeslaan word nie. Dubbels kan ook gespeel word, maar dit is beslis moeiliker aangesien vier spelers op die klein baantjie die bal elk een keer moet slaan.

Daar word rooi en geel enkel- en dubbelkolballe gebruik. Spesifieke muurbalskoene is nodig om op die muurbalbane te kan speel. 'n Mens benodig ook 'n raket en die dra van 'n veiligheidsbril is verpligtend. Mnr. Wikus is nie net die man wat in beheer is van alles wat met muurbal gepaardgaan nie, maar hy is self ook 'n passievolle speler. In sy matriekjaar het hy algeheel sewende in die Noord-Gauteng-streek geëindig. Dit was dus glad nie toevallig dat hy by Hoërskool Waterkloof se muurbal betrokke geraak het nie. Die belangstelling vir muurbal onder die Klofies is groot. Proewe om die spanne te kies, is reeds gehou en die spelers berei nou voor vir die PUK-reeks wat volgende jaar plaasvind. Mnr. Wikus hoop om ten minste volgende jaar 'n podiumposisie te behaal. Sy missie is om seker te maak dat die muurbalspelers erkenning vir hulle prestasies kry. Hy glo dat muurbal die leerders dissipline leer en hulle help om 'n goeie selfbeeld te ontwikkel. Mnr. Wikus glo dat die muurbalervaring hulle vir die res van hulle lewens sal bybly.

# Kloof se perderuiters PRESTEER

Marni Botha

Almal is in rep en roer oor Kloof se ruiterkuns. Dit is geen geheim dat die skool op verskeie fronte presteer nie, maar Kloof se ruiters het aan almal net weer kom bewys dat hulle werklik wêreldklas is.

Na afloop van die Sanesa-seisoen wat vanaf Februarie tot Oktober strek, het die Klofies weereens skoonskip gemaak!

Hoërskool Waterkloof word aangewys as:

- **1 – Tophoërskool in die Gauteng-Noord/ Tshwane Distrik**
- **2 – Tophoërskool in die Gauteng-streek (vyf streke)**
- **3 – Tophoërskool NASIONAAL**

Tymicka Grobler (kaptein), Me. Ina Davies (Ruiterkuns-organiseerder), Karla Smith (onderkaptein) met die Gauteng- en nasionale trofeë.



*Waterkloof A-liga wenners en Tshwane Suid streek wenners*
*- Foto: verskaf-*

Kloof is vanjaar weer amptelik die topruiterkunsskool in die land! Daar is verskeie prestasies deur verskillende ruiters en hulle perde in 'n verskeidenheid dissiplines behaal.

Die Sanesa-kompetisie werk soos volg:

Daar is vier skoue in elke distrik en die ruiters moet aan drie van die vier skoue deelneem. Hulle word tot die Tshwane A- of B-span verkies, wat dan aan die Gauteng-kampioenskap deelneem en daar moet hulle vir die Gauteng-span kwalifiseer om tydens die Oktobervakansie aan die nasionale kompetisie te kan deelneem. Baie van die ruiters oefen tot drie keer per week vir 'n uur en 'n half. Indien jy 'n plek by hierdie skoue/kompetisies behaal, verwerf jy punte vir jou as ruiter en vir jou skool en die toekennings word daarvolgens bepaal.

Baie geluk aan elke ruiter wat ons skool se naam hierdie jaar hoog gehou het. Mag julle net van krag tot krag gaan en met julle talente bly woeker.

Tydens die Sanesa Gauteng-prysuitdelingsfunksie ontvang die volgende ruiters en hulle perde, spesiale toekennings:

- **Carli Roux en Red Teveye**
  Topmatriekruiter – Nasionaal (uit 50 ruiters)
  *Western Riding* – Topruiter Nasionaal
- **Tymicka Grobler en Schwaike Litana**
  Topmatriekruiter – Nasionale naaswenner (uit 50 ruiters)
  *Working Equitation* – Topruiter Nasionaal
- **Dian Roux en Devondale Casanova**
  Topboerperderuiter – Nasionaal

Die volgende ruiters en hulle perde, het ook tydens die Nasionale Kampioenskap uitstekend gevaar en tussen hulle word daar verskeie eerste, tweede en derde plekke behaal: Carli Roux, Tymicka Grobler, Dian Roux, Erin Muller, Liam Grobler en Zanica Grobler.




*Carli Roux*
*- Foto: verskaf -*

# Kloof se langasems hardloop dat die stof staan

Kayla Strydom en Jani Strydom

Talent beteken niks sonder harde werk en deursettingsvermoë nie. Die Klofies het die landloopseisoen op 'n hoë noot, met die oefenkamp in Junie by Camp Discovery, afgeskop. Op die kamp het die Klofies hard gewerk en hard gespeel. Spanbouaktiwiteite, wildritte en potjiekoskompetisies het vir pret en plesier gesorg.

Onder leiding van mnr. Alet Kieser het die Klofies uitstekend gevaar in die landloopwedlope wat gevolg het. 19 leerders, asook juf. Bonnie Joyce, het op 22 Julie aan die Interprovinsiale Landloopkampioenskap in Groblersdal deelgeneem. Ons junior en senior dogterspanne het na die Noordvaal Landloopbyeenkoms deurgedring.

Na 'n kwartaal van harde oefensessies, het sewe leerders deurgedring na die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskap wat in Port Elizabeth gehou is. Die Klofies wat deelgeneem het, is: Elandri Coetzee (o. 14), Elsmari Kuperus (o. 15), Lara van der Merwe (o. 16), Tiane de Wit (o. 17), Kayla Strydom (o. 17), Jani Strydom (o. 17) en Kate van Zyl (o. 23).

Met hul hardloopskoene en die AGN-klere ingepak, was die Klofies op pad PE toe om te wys wie baas is. Alhoewel die wind baie gewaai het, kon die Klofies hulle bes doen en Kloof trots maak. Lara van der Merwe het 'n tweede plek behaal en Elandri Coetzee 'n sewende plek. Lara is genooi om aan die Wêreldlandloopproewe deel te neem. Lara: "Ek is dankbaar om te kon hardloop, dit was 'n groot geleentheid vir my. Ek is so bly oor my tweede plek, maar dit sou nie kon gebeur sonder die Here se hulp nie. Al die druk val van my skouers af, want ek hardloop met die talent wat Hy vir my gegee het."



*Landloop*
*- Foto: verskaf -*

Mnr. Alet is trots op die atlete se harde werk en die prestasies wat hulle behaal het. Hy sien na die volgende landloopseisoen, meer oefenkampe en ligas, uit.